## DIE SIMBOLIESE OSSSEWATREK VAN 1938

*I Voorbereiding*

„Die Raad neem in beginsel aan dat die A.T.K.V. 'n spesiale aandeel sal neem in die Voortrekkermonument."[1] Dié enkele sin in die Uitvoerende Raadsnotule van die *Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. & H.)* van 1934 was die eerste aankondiging van die grootste Afrikanermonstering wat nog in hierdie eeu plaasgevind het: die Simboliese Ossewatrek wat sy hoogtepunt op 16 Desember 1938 met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument bereik het. Dertig jaar later sou *Die Burger* tereg skryf dat die Ossewatrek „die teken geword het vir 'n Afrikaanse herlewing wat oor drie dekades sy momentum behou het."[2]

Reeds in die vorige eeu is die gedagte geopper dat 'n gedenkteken ter ere van die Voortrekkers opgerig moes word. Verder as die oprigting van enkele plaaslike monumente in Natal en Transvaal het dié gedagte egter nie gereik nie. Vanaf 1920 het hernude stemme opgeklink dat 'n waardige en grootse gedenkteken ter ere van die beskawingswerk van die ganse Voortrekkergeslag daargestel moes word. Verskeie individuele pogings is gebore — almal met die ideaal om tydens die honderdjarige herdenking van die Bloedrivierslag so 'n monument te onthul. Deur bemiddeling van die F.A.K. het verteenwoordigers van belanghebbende organisasies in April 1931 in Bloemfontein die *Sentrale Volksmonumentekomitee* (S.V.K.) in die lewe geroep waardeur alle monumentaksies saamgesnoer is.[3] Met die toesegging van finansiële steun deur die sentrale regering, is dié komitee later hersaamgestel onder voorsitterskap van dr. E. G. Jansen.[4]

Hierna het etlike jare verloop voordat uitsluitsel verkry is oor die setel en ontwerp van die voorgenome monument.[5] Toe eers in 1936 aangekondig word dat Pretoria die tuiste van die monument en Gerard Moerdyk die argitek sou wees, was dit duidelik dat die monument nie in 1938 voltooi sou wees nie. Gevolglik is besluit dat wel die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 sou plaasvind en dat 'n landswye fees daarmee sou saamval. Belangstellendes is uitgenooi om wenke voor te lê in verband met dié fees wat „by die breë publiek belangstelling sou wek."[6]

Daar was heelwat suggesties, o.a. 'n fakkelloop van Kaapstad na Pretoria en die loslating van posduiwe. Die feeskomitee was terdeë bewus van die skouspel-waarde van hierdie voorstelle, maar ook oortuig dat dit as sentrale feestemas nie die verbeelding van die algemene publiek gaande sou maak nie. Toe het A.T.K.V. aangebied om 'n Ossewatrek na Pretoria te onderneem. Omdat hierdie spoorwegmanne daagliks in die transportkultuur gemoeid was, kon 'n mens verwag dat hulle 'n tema

1. Uitvoerende Raadsnotule van A.T.K.V., 24 Mei 1934.
2. *Die Burger*, 8.8.1968.
3. S.V.K.-notule, konferensie, 4.4.1931.
4. Vgl. Ferreira, O. J. O., *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumente komitee, p. 5 et. seq.* Ms. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970.
5. *Ibid.*, pp. 28-61.
6. *Die Burger*, 26.6.1937.

uit die vervoerwese sou kies en die vervoermiddel van die Voortrekkers daarby sou betrek. Die verloop van die Trek-onderneming en die geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1938 het afdoende bewys gelewer van die sterk volksaar wat met hierdie voorstel raak geboor is . . .

Henning Klopper[7], destyds goedere- en hawesuperintendent in Mosselbaai en hoofvoorsitter van die A.T.K.V., was die „vader" van hierdie gedagte. As spoorweg-welvaartbeampte het hy in die jare twintig dikwels dis historiese Voortrekkerplekke in Natal besoek. Toe reeds het hy gedroom van die dag dat 'n Afrikaner-gesin van sy geslag in 'n Voortrekkerwa op die spore van die kakebeenwaens van die 19e eeu sou trek om sodoende die Groot Trek te laat „herleef."

Wanneer die S.V.K. se monument-aksie teen 1934 op georganiseerde grondslag geplaas word, besef hy dat sy droom verwesenlik kan word. Maar dan in hierdie vorm: 'n Ossewatrek, simbolies van dié van ons voorouers, om die Afrikanervolk opnuut tot selfbewussyn te bring.[8] Tydens 'n Uitvoerende Raadsvergadering van 24 Mei 1934 te Kimberley, het hy die deelname van die A.T.K.V. aan die verwesenliking van die Voortrekkermonument aan die orde gestel en is die historiese besluit geneem waarna aan die begin verwys is. Daar was egter nog nie volkome helderheid insake die „spesiale aandeel" waarvan die besluit melding gemaak het nie.

Hierna is verenigingslede in die saak geken. In die daaropvolgende uitgawe van *Die Taalgenoot* lees ons o.a.: „Ons vereniging is van plan om 'n lewendige aandeel in die daarstelling van 'n geskikte monument ter ere van ons nooit volprese voorvaders te neem, en lede word uitgenooi om wenke en voorstelle aan die hand te gee in verband met die vorm van ons aandeel waarin ons transportkultuur uiting kan gee."[9]

Die uiteindelike resultaat was geen onberade stap nie. Twee jaar lank is alle moontlike wenke behoorlik uitgepluis. Henning Klopper se gedagte van 'n enkele Ossewatrek is uiteindelik tydens 'n Uitvoerende Raadsvergadering te Mosselbaai aanvaar. Voorts is besluit „dat inligting ingewin word i.v.m. die bou van 'n Voortrekkerswa (sic!) vir die vereniging."[10] In hierdie verband is met gebroeders Jonker van Knysna onderhandel na aanleiding van spesifikasies wat deur dr. S. H. Pellisier verskaf is.

Aan huis van mnr. Klopper in Mosselbaai en in die kantoor van die A.T.K.V. daar naby op Hartenbos het die Trek-onderneming geleidelik vorm aangeneem. Tydens hierdie informele besprekings het mnr. Klopper sy beoogde skema verduidelik. Dit moes meer as 'n blote ossewatrek wees; dit moes 'n wekroep wees wat moes dien ter hereniging van die gehele Afrikanerdom. Op voorstel van Willie Serfontein, 'n klerk in diens van die A.T.K.V., is besluit om na analogie van Lagenhoven se werk

7. Huidige Speaker van die Suid-Afrikaanse Volksraad.
8. Onderhoud gevoer met mnr. H. Klopper, 12.12.1966. Vgl. in hierdie verband *Die Taalgenoot,* Mei 1963.
9. *Die Taalgenoot,* Junie 1934.
10. Uitvoerende Raadsnotule van A.T.K.V., 3.8.1936.

die woorde *Op die Pad van Suid-Afrika* as leuse vir die Trek te neem. Hennie Terblanche het op sy beurt gevra om touleier te wees indien die ATKV-kongres die trekgedagte goedkeur.[11]

In 1937 het die A.T.K.V.-kongres op Hartenbos vergader. Op Dinsdag, 6 April 1937 het die kongres die volgende beskrywingspunt van tak Port Elizabeth oorweeg: „Die kongres bespreek die aandeel wat die A.T.K.V. in die Voortrekkereeufees sal neem." Dit was die geleentheid vir mnr. Klopper om die gedagte van 'n Ossewatrek breedvoeriger toe te lig. Die geesdrif was dadelik gaande. Eenparig het die kongres besluit: „Dat die A.T.K.V. met 'n stinkhoutwa en rooi Afrikanerosse in die optog van die Voortrekkereeufees sal deelneem. Mnr. H. P. Terblanche van Port Elizabeth sal touleier wees."[12] 'n Maand later het die Uitvoerende Raad 'n komitee bestaande uit mnre. H. J. Klopper, M. C. van Schoor en L. A. Nell benoem „om die bou van 'n Voortrekkerswa te behartig."[13]

Aanvanklik is geen grootse onderneming in die vooruitsig gestel nie: 'n enkele gesin sou 'n rustige vakansietrek per ossewa vanaf Johannesburg na Pretoria onderneem en betyds daar aankom om aan die hoeksteenplegtigheid deel te hê. Namate die geesdrif vir die Trek egter toegeneem het, is die aanvangspunt geleidelik suidwaarts geskuif: eers Winburg, waar Piet Retief in 1837 tot goewerneur van die Voortrekkers verkies is; toe Bloemfontein, hoofstad van die „model"-republiek van die 19e eeu; later Graaff-Reinet wat so intiem gemoeid was met die vroegste uitinge van Afrikaner-republikanisme en waarvandaan die keur van die Voortrekkers 'n eeu tevore getrek het, en eindelik Hartenbos, die eie landgoed van die A.T.K.V. waar die Trek-gedagte tog gebore is en gestalte gekry het.[14]

Met hierdie voorstel het mnr. Klopper die S.V.K. genader. Hy het verduidelik dat een gesin in 'n egte stinkhoutwa noordwaarts sou reis op die spore van die Voortrekkerwaens van 'n eeu tevore en dat eredienste en saamtrekke gereël sou word op plekke waar aangedoen word. Die S.V.K. was onmiddellik ingenome met hierdie feesvoorstel.[15] Hulle het voorts versoek dat die Trek vanaf die standbeeld van Jan van Riebeeck in Kaapstad moet begin. Toe daar verder gevra is dat die A.T.K.V. 'n Voortrekkerwa aan die volk skenk vir gebruik by toekomstige feesgeleenthede, is besluit om 'n tweede stinkhoutwa te laat bou sodat die vereniging self een in bewaring kon hou.

Hierna was dit hoofsaaklik die reëlingskomitee, t.w. mnre. H. J. Klopper, D. Grundlingh, J. P. Boshoff en mev. M. Klopper (later is Willie Serfontein as sekretaris bygevoeg), wat met behulp van die A.T.K.V.-personeel op Hartenbos die organisasie en deurvoering van die Trek behartig het. Die saak is van alle kante beskou en selfs die geringste aspek is onder die vergrootglas geplaas. 'n Paar keer het mnr. Klopper

11. Onderhoud gevoer met mnr. W. Serfontein, 5.12.1967.
12. Kongresnotule van A.T.K.V., 6.4.1937.
13. Uitvoerende Raadsnotule van A.T.K.V., 8.5.1937.
14. Onderhoud gevoer met mnr. M. C. van Schoor, 16.11.1965.
15. Mostert, D. J., *Gedenkboek 1838-1938*, p. 39. Nasionale Pers, Kaapstad, 1940.

gaan lig opsteek by ds. D. Postma van Burgersdorp aan wie hy die reisplan voorgelê het sodat moontlike tekortkominge uitgewys kon word. Daar moes o.a. bepaal word teen watter snelheid 'n ossewa kon reis, watter afstand daagliks getrek kon word, of daar altyd genoeg osse voorhande sou wees en of die oorspronklike trekpad van die Voortrekkers taamlik getrou nagevolg kon word.[16] Daar moes oorweging geskenk word aan sake soos die volgende: sou waens wat by die kus vervaardig is, vir meer as vier maande kon trek én hou; sou die openbare belangstelling oor so 'n lang tydperk lewend gehou kon word; wat gedaan as vol driwwe in die reënseisoen die Trek vertraag?

Geleidelik het die feesplan vorm aangeneem. In April 1938 het die Uitvoerende Raad die volledige reisplan godgekeur en mnr. Klopper gevra om die Trek te lei. Oom Tienie van Schoor het onderleier geword, terwyl mev. Klopper as leidster aangewys is.[17] Voorts is besluit om 'n *Gedenkboek* van die Trek saam te stel en om 'n „Afrikaner Volksfonds" in die lewe te roep wat o.a. aangewend sou word vir „die instandhouding en opbou van die Afrikanervolk as afsonderlike entiteit en nasie met die volle behoud van sy besondere eienskappe, karaktertrekke, tradisies, sedes, taal, kultuur en godsdiens" asmede die versorging van die sedelike, kulturele en maatskaplike belange van ons volk.[18] Die vereniging sou oor die volgende kwarteeu jaarliks R500 in hierdie fonds stort. Dit was die voorloper van die Reddingsdaadfonds, waarin die Volksfonds in 1940 opgegaan het.

Nou het die A.T.K.V.-personeel se groot werk aangebreek: omsendbriewe moes aan takke uitgestuur word en reëlingskomitees moes saamgestel word. Die reaksie op die eerste omsendbriewe was flou en teleurstellend. Namate die dagbladpers die gedagte egter uitgedra het, het die geesdrif begin oplaai. Jaap Boshoff, hoofklerk van die A.T.K.V., het die verskillende treksentra per motor besoek om die publiek m.b.t. die Trek in te lig, te reël vir osse, ens. Intussen is die bekende meubelmakers van Knysna, Gebroeders Jonker, opgedra om twee tipiese Voortrekkerwaens te bou. Die resultaat was twee perdewaentjies in die kakebeenvorm. Behalwe die aste wat van ysterhout en die nawe wat van geelhout gemaak is, is albei verder uit stinkhout gebou.

Volgens die oorspronklike reisplan sou een wa die *Monumentwa* heet, die ander die *Volkswa*.[19] Twee gesinne sou in dié twee waens oor Stellenbosch, Swellendam, Mosselbaai, Hartenbos en Graaff-Reinet saam trek tot by Vegkop. Eersgenoemde wa, wat aan die volk van Suid-Afrika geskenk sou word, sou dan oor Parys, Potchefstroom, Rustenburg en Johannesburg na Pretoria trek. Die *Volkswa*, wat in die A.T.K.V. se besit sou bly, sou oor Bethlehem, Ladysmith en Pietermaritzburg na Bloedrivier trek.[20] Op 9 Desember 1938 sou die aflegging van die gelofte van

16. *Ibid.*, p. 38.
17. Uitvoerende Raadsnotule van A.T.K.V., 16.4.1938.
18. *Ibid.*, 5.8.1938.
19. *Ibid.*; Vgl. ook Uitvoerende Raadsnotule, 21.4.1938.
20. *Die Taalgenoot*, Junie 1938.

1838 op die presiese plek herdenk word, waarna op die spoor van Andries Pretorius se Wenkommando teen Dingaan na Bloedrivier voortgetrek sou word. Daar sou gepoog word om in Natal 'n groot trek van waens na Bloedrivier te organiseer. Op die aand van 15 Desember sou laer by Bloedrivier getrek word — presies soos 'n eeu tevore. Op al die dorpe waar die waens aandoen, sou saamtrekke en feeste gehou word. Waar die Trek Sondae oorstaan, sou 'n gesamentlik erediens deur alle Afrikaanse kerk gereël word. Die Trekgeselskap sou bestaan uit 'n leier, onderleier, begeleidster sopraan, alt, tenoor, bas, twee wadrywers (van wie een 'n wamaker sou wees) twee touleiers en 'n diensmeisie.

Pas was hierdie reisplan bekend of die Oos-Kaap — waar die Groot Trek tog begin het — het aangedring dat hierdie streek ook by die reisplan ingesluit word. Ook aan hierdie versoek het die A.T.K.V. voldoen: die waens sou by Hartenbos skei sodat die Bloedrivierwa deur die Langkloof na Port Elizabeth en die Oos-Kaap sou reis.

Teen die einde van Julie 1938 het die twee waens in Kaapstad aangekom. Hulle is by die Kasteel vertoon en 'n geringe toegangsgeld is gevorder wat in die Voortrekkermonumentefonds gestort is.[21] Op 5 Augustus 1938 het die Uitvoerende Raad van die A.T.K.V. vir oulaas in Kaapstad vergader om die laaste reëling reg te plooi. Daardie selfde aand is die waens by geleentheid van die eerste Trekfees in die Kaapstadse stadsaal in ontvangs geneem. Ongekende tonele het hulle in en om die stadsaal afgespeel waar 3 000 mense vergader was. Die „Afrikaanse liedjies' wat deur 'n orkes voorgespeel is, het „onstuimige byval" gevind.[22] Telekmale het die begeesterde skare uit volle bors saamgesing. Die Kaaplandse Administrateur, mnr. J. H. Conradie, het na aanleiding van hierdie spontane opbruising van volksgevoel in sy feesrede verklaar dat daar tydens die Ossewatrek groot dinge gaan gebeur. „(H)ulle sal verander in triomfwaens — simbole, nie van ontbering en leed van die Voortrekkers nie, maar simbole van die triomf van die beskawing in Suid-Afrika," het hy van die waens voorspel.[23]

Baie mense het die geesdrif in en goeie opkoms in Kaapstad as „'n toevalligheid" bestempel en van die Trek self geen groot verwagtings gekoester nie. Daar was selfs A.T.K.V.-voormanne wat oortuig was dat die Trek slegs 'n goeie geleentheid sou bied om nuwe lede te werf.[24] Dat die Afrikanervolk as geheel tot in sy diepste wese geroer sou word, het niemand verwag nie. Want die Afrikaners het in twee politieke partye verdeeld gestaan en mekaar oor en haas elke kwessie heftig beveg. Hierdie verdeeldheid het sy sleepsel oor verskeie terreine gelaat en Afrikaner teenoor Afrikaner gestel. Kwaaivriendskap en familietwis het meermale voorgekom. Herstel van die breuk in volksgeledere het onmoontlik gelyk. Op hierdie wyse is die Afrikanervolk verlam, en dit

21. *Ibid,* Augustus 1938.
22. *Die Burger,* 6.8.1938.
23. Mostert, *op. cit.,* p. 115.
24. Onderhoud met mnr. M. C. van Schoor, 16.11.1965.

slegs tot voordeel van sy vyande wat dikwels met groot genot aanskou het hoe die Afrikaners mekaar op politieke vergaderings bloedneus slaan.

Kobie Marais (later regter) was destyds hoof van die Afrikaanse radioprogramdiens. Gedurende Julie 1938 was hy vir amptelike sake in Kaapstad, toe die voorgenome Ossewatrek onder sy aandag gebring is. Hy het tentatief besluit dat van 'n dosyn tot twintig uitsending van die ontvangs van die wanes na Pretoria voldoende sou wees. „(E)k het tot die slotsom gekom dat dit maar net 'n vervelige herhaling van plek tot plek sou wees, met so 'n vyftig mense in die gehoor, vervelige toesprake wat oral herhaal word, en dat van 'n werklik pakkende radiogrogram daar sekerlik geen sprake sou wees nie," het hy later getuig.[25]

II *Die eerste bedryf*

So het Maandag, 8 Augustus 1938, aangebreek. Van vroeg af het toeskouers by die Van Riebeeck-standbeeld saamgedrom. Met die aankoms van die waens moes konstabels 'n deurtog deur die „magtige menigte" baan.[26] Die Jan van Riebeeck wat in 1652 die seën van die Allerhoogste afgesmeek het op die onderneming wat hy toe begin het, het ver oor die koppe heen gestaar van diegene wat byna drie eeue later opnuut die seën van God afsmeek op die hulde wat hulle wou bring aan die werk wat deur hom begin is.

Met 'n enkele sin: „Die Trek het begin — Hy is in die naam van God begin!"[27] het Henning Klopper die waens aan die rol gesit. Twee spanne rooi Afrikaners het gelyk teen die jukke weggebuk . . . en binne in die geskiedenisboek van Suid-Afrika ingestap . . .

Die vertrek vanaf Kaapstad is uitgesaai. Die radio-omroepers was nie beïndruk deur die toneel by die standbeeld van ons volksplanter nie; daarom dat hulle besluit het om nie die „vleisbraaiery" die eerste aand op Goodwood uit te saai nie. Hulle het die indruk gekry dat die waens en osse nie „verder as die Kaapse Vlakte sou kom nie." Kobie Marais, wat die uitsending waargeneem het, was van mening dat die Ossewatrek „'n goeierige plan was van die A.T.K.V., maar dat dit op die land as geheel geen indruk hoegenaamd sou maak nie." Hy het begin twyfel of 'n dosyn uitsendings nie dalk te veel is nie en het verwag dat plaaslike uitsending van die waens se oorblyplekke „amusant sou wees."[28]

Die eerste aand op Goodwood het 'n skare van 20 000 die waens verwelkom. Hierdie opkoms het alle verwagtinge oortref en die plaaslike feeskomitee onder leiding van mnr. Attie Louw, op die verkeerde voet betrap: hulle het vir hierdie „vleisbraaiery" vir ongeveer 6 000 gaste voorsiening gemaak. Gelukkig was daar volop koffie en toe is maar herhaaldelik koffie geskink. Daar was geen chaos en ontevredenheid toe dit blyk dat daar nie genoeg kos vir almal was nie. Instede daarvan het

25. *Die Taalgenoot*, Desember 1963.
26. *Ibid.*, September 1938.
27. *Ibid.*
28. *Ibid.*, Des. 1963.

'n ware feesstemming geheers en toe die amptelike program afgehandel is, het die reuse skare hom op natuurlike wyse in kleiner groepe verdeel en vrolike volksliedjies en volksdanse het tot laat in die nag weerklink.[29] Die spontane geesdrif van die skare, wat skynbaar deur 'n onsigbare innerlike drang aangedryf is, het dr. Nico van der Merwe, destyds voorsitter van die F.A.K., laat uitroep: „Vanaand dank ek God dat ek 'n Afrikaner is!" Só het Goodwood die Trek „gemaak". *Die Burger* het o.a. soos volg oor hierdie eerste fees geskryf: „Die een kant van die skare het voeling met die anderkant verloor. Aan die een kant is gesing, aan die ander kant is getiekiedraai, in die middel is toesprake gehou, maar almal het feesgevier."[30]

Die radiomense was verras toe hulle verneem van die reuse en geesdriftige ontvangs van die waens op Goodwood. Hulle was nog nie oortuig nie: seker maar leeglêers wat gratis versnaperinge by die waens kom soek het. Hoe verkeerd hulle geoordeel het, het die ontvangs in die Paarl bewys: die hoofstraat was stampvol mense, kennelik nie leeglêers nie! Hier en daar het 'n geblomde onderbaadjie te voorskyn gekom, baie vrouens was in lang rokke en kappies, en almal deur die bank in kisklere uitgevat. En al was die algemene gees opgewek, het dit met soveel waardigheid — 'n mens kan amper sê outydse grasie — gepaard gegaan dat selfs gesoute Bolanders verbaas was. Die omroepers was bereid om dit eerder toe te skryf aan die Paarliete se welbekende sin vir die deftige as aan die indruk wat die Ossewatrek besig was om te maak. Eers die daaropvolgende dag op sy geboortedorp, Wellington, is Kobie Marais oortuig. Hier het Nat en Sap heerlik gesels, ten spyte van die feit dat 'n bitsige verkiesing enkele maande tevore geveg het. Eers is gemeen dis hoofsaaklik Malaniete wat die waens verwelkom. Maar hoor wat vertel Kobie Marais: „Ek het my nog daaraan verwonder toe 'n perderuiter vlakvoor my afklim en my kom groet: 'n oom van my van Agter-Groenberg wat bekend gestaan het as die hardste ‚Sap' van Wellington, 'n man wat na die heengaan van *Ons Land* 'n Engelse koerant gekry het (ofskoon hy nie veel meer as ‚yes' en ‚no' in Engels kon lees nie) liewers as om *Die Burger* te lees! En hier is hy, met perd en al, om die ossewa te verwelkom!"[31]

Toe was dit vir almal duidelik dat die ossewaens besig was om die gemoedere dwarsoor die land gaande te maak. Meer nog: dit sou dwarsoor die partygrense gaan en 'n nuwe grondslag vir partyverdeling onder die Afrikaners neerlê. Oor die ossewa se disselboom het ou politieke vyande mekaar se hande bewoë vasgegryp en mekaar met trane in die oë aangekyk. Weg was meteens die dinge wat hulle van mekaar geskei het. Hulle harte was weer heel. Daar was verwondering en vreugde omdat broers mekaar gevind het. Die waentjies het figuurlik die laer geword waarin 'n nuwe toewyding aan God, volk en land aangewakker is.

---

29. Onderhoud met mnr. A. M. Louw, 6.12.1965.
30. *Die Burger*, 9.8.1938.
31. *Die Taalgenoot*, Desember 1963.

Die radiorooster het lywiger, die uitsendings al hoe langer geword. Uiteindelik sou nie net die hooftrek nie, maar al die trekke daarby ingesluit word. Persmanne, self van Engelstalige koerante, het by die Trek aangesluit. En die breë publiek het die Trek omhels. 'n Twee-en-vyftigjarige moeder van Bethlehem, mev. I. D. Krige, het aan oom Tienie van Schoor geskryf: „Is dit moontlik om 'n vrou van my leeftyd toe te laat om mee te reis? My grootmoeder het die reis met 'n ossewa gedoen. Ek wil ook graag . . . Ek is nie verskrik vir die ongemak van so 'n toer nie . . ."[32] 'n Bekende persman, Schalk Pienaar, het o.a. geskryf: „Dit is 'n merkwaardige gevoel om op die voertuig van 'n eeu gelede die pad van die geskiedenis te volg. Die pas van die stampende en krakende ossewa is 'n kragtige narkose. Die gedagte wil maar altyd terug na die dae toe hierdie ondervinding geen romantiek nie, maar werklikheid was."[33]

Goodwood se voorbeeld is oral herhaal. Op Stellenbosch het 7 000 om die kampvuur vergader; in Wellington 4 000; 3 000 het op Worcester 'n erediens bygewoon; by Breërivier het 'n skare van 2 000 in reënweer die waens ingewag. Oudstryder Louis Steyn van Lichtenburg het verklaar: „Wanneer ek in die aand na die draadloos luister, merk ek dat daar 'n roering onder ons broers en susters in die Kolonie is, en dit is van die Here."[34] Motor ná motor het langs die pad stilgehou om blad te skud en die Trekleiers voorspoed toe te wens. Die 93-jarige mev. Gesie Kotzé van Hopefield het die wa langs die pad laat stilhou sodat sy „net daaraan kon voel."[35] Op Moorreesburg is die 91-jarige Aletta Slabbert, wat weens siekte nie kon loop nie, op versoek na die wa gedra. Die 75-jarige mnr. Martin Dippenaar het volstrek geweier om van die *Johanna van der Merwe-wa* af te klim.[36]

Binne die eerste twee weke van die Trek is die ganse oorspronklike organisasie omver gegooi. Die hoofleier, mnr. Klopper, en die onder-leier, oom Tienie van Schoor, moes hulle tot die uiterste inspan om die reisplan vol te hou. Van oral het versoeke ingestroom dat die waens sekere streke buite die hoofroetes ook moes besoek. Hiervoor was meer waens nodig. Op 26 Augustus 1938 is die waens luisterryk op Hartenbos ontvang.[37] Daardie aand is vleis skaapsgewys en wors by die jaart gebraai; daar is gesing en gespeel en 'n mooi program afgehandel. Hier kon die A.T.K.V.-personeel vir die eerste keer meedoen. Die destydse boekhouer, Danie Bouwer, is daardie aand met Hettie Viviers in die eerste Trek-huwelik verbind. Omdat die vrag al swaar was, is van die „padkos" — moskonfyt, droë vrugte, kissies sardiens en biltong —, wat orals langs die pad aan die Trekkers geskenk is, hier afgelaai.

---

32. M. C. van Schoor-versameling (ATKV-Argief): mev. I. D. Krige aan mnr. M. C. van Schoor, 26.7.1938.
33. *Die Taalgenoot*, Desember 1938.
34. *Die Taalgenoot*, Desember 1967.
36. Mostert, *op. cit.*, pp. 481-482.
37. *Die Burger*, 29.8.1938.

III. *Reorganisasie.*

Hier op Hartenbos het die gordyn ook op die eerste bedryf van die Trek gesak. Tot op Hartenbos was dit geen Trek nie. Drie weke lank is die Trekkers oorweldig deur 'n massa-geesdrif waaraan geen paal of perk gestel kon word nie. Drie volle weke moes die waens van rekordfees tot rekordfees „jaag", en toe eers rus. Ingrypende veranderinge wat daarop gemik was om ten spyte van die orgaan van geesdrif, 'n waarheidsgetroue treklewe moontlik te maak, is deur mnr. Klopper aangekondig. Die belangrikste wysiginge was: vermindering van die ledetal van die geselskap met byna die helfte; uitskakeling van feitlik alle meganiese voertuie in die Trek; oornagting buitekant dorpe waar enigsins moontlik; inlywing van die pers en radio as 'n integrale deel van die Trek, en ten slotte persoonlike leierskap van mnr. Klopper by die hooftrek. Mnr. Klopper het daarin geslaag om die nodige verlof van die spoorwegadministrasie te verkry ten einde die Trek tot in Pretoria te vergesel. Voortaan sou die Trek bestaan uit die egpaar Klopper, hulle negejarige dogtertjie, Erna; hul driejarige seuntjie, Joubert; mej. Iris Orpen, 'n onderwyseres; oom Tienie en Tannie van Schoor, die drywers Johan Langenhoven en Hennie Terblanche, en ten slotte die pers en radio.[38]

Op 'n wenk van mej. Laurika Postma van Bloemfontein is voorts besluit om die waens name te gee en om na die voorbeeld van Worcester trekbakens lang die pad op te rig om die roete van die simboliese Trek vir die nageslag te verewig. Daar moes geen poging tot versiering wees nie — slegs ruwe klipstapels as 'n ewige bakenreeks. Voorts is alle aandoenplekke op die hooftrekroete versoek om 'n klip met 'n plaatjie wat volle besonderhede van die betrokke feessentrum bevat na Hartenbos te stuur. Alle sodanige klippe sou gebruik word vir die oprigting van 'n magtige monument op die feesterrein op Hartenbos vlak langs die nasionale pad. Hierdie bouwerk sou die *Pad van Suid-Afrika* vir alle tye op Hartenbos vasstempel.[39]

Namate die Trek gevorder het, het verskeie trekbakens langs die trekroetes verrys. Soos die klipstapel van die Ou-Testamentiese tydvak by die Jordaan verrys het, toe elke Israelse stam 'n klip moes neerlê as bewys van sy verbond met God, so het die trekbakens en klipstapels van 1938 vir die Afrikaner sigbare tekens van sy geloof in God en sy volkwees geword.

Op Hartenbos is ook 'n derde wa vir die hooftrek deur die broers Dan en Albertus van Wyk, van Albertinia, geskenk.[40] Dié stinkhouwa was reeds oor die honderd jaar oud, maar is nog steeds vir swaar vervoerwerk gebruik en was 'n meesterstuk van outydse deeglikheid en vakmanskap. Slegs die bostel moes vervang word. Dit was slegs die begin van die verruiming van die oorspronklike trekplan. Mettertyd sou A.T.K.V. 'n totaal van nege waens laat bou en gereed maak om aan al die aanvrae om besoek van die waens te voldoen. Soos reeds vermeld, het

38. *Ibid.*
39. *Die Transvaler,* 29.8.1938. Mostert, *op. cit.,* p. 199.
40. *Die Burger,* 29.8.1938.

J. M. Jonker, die meubelmaker van Knysna, die eerste twee waens gebou. Hulle is die *Andries Pretorius* en die *Piet Retief* genoem. Later is hulle gevolg deur die *Sarel Cilliers* ('n geskenk van J. M. Jonker), die *Vrou-en-Moeder* en die *Magdalena de Wet* (gebou deur P. J. van Reenen), die *Hendrik Potgieter*, poswa van die Trekke, en die *Magrieta Prinsloo* (in rekordtyd gebou deur die wamakersfirma Philips van die Paarl), die *Louis Trichardt*, die egte ou Voortrekkerwa wat deur die Van Wyk-broers geskenk is, en die *Johanna van der Merwe*, ook 'n Voortrekkerwa, geskenk deur die familie Van den Berg van Keurbosfontein, Ladismith.[41]

Die meeste waens het by wyse van plegtige „doop" hulle name op geskiedkundige plekke ontvang. Die *Andries Pretorius-wa* is eerste gedoop en wel by die ou kerkgebou op Graaff-Reinet.[42] Vier historiese vlae is oor die watent gestryk: die Prinse-vlag van Nederland, die Vierkleur van Transvaal en die Oranje-Vrystaat, en die Voortrekkevlag van Natal. Daarna het die wa uitgery na Kleinfontein, geboorteplaas van die groot leier na wie hy heet. Kleinfontein was op daardie tydstip *Clifton*, maar ook die plaasnaam is terstond verander tot „Andries Pretorius."

Die *Piet Retief-wa* is gedoop op Mooimeisiesfontein,[43] in Grahamstad se wêreld waar Retief vroeër gewoon het. Die vlag wat oor die tent gelê het, was die Vrystaatse vlag wat deur die Britte by die besetting van Bloemfontein van die ou Raadzaal afgehaal is. Die pragtige boogtentwa, die *Vrou-en-Moeder*, is by die Vrouemonument deur mev. (pres.) Steyn gedoop. Ook die *Sarel Cilliers* is hier deur dr. J. D. Kestell gedoop. Die *Magrieta Prinsloo* het aan die vooraand van die Trek deur die Karoo op Hoeko, geboorteplaas van C. J. Langenhoven, sy naam van die weduwee Langenhoven ontvang.[44] Die heel laaste „doop"-seremonie het net drie dae voor die hoeksteenlegging by die Universiteit van Pretoria plaasgevind. Daar het die wa wat heel laaste gebou is en eers op Elsburg by die trekke aangesluit het, die *Magdalena de Wet* (genoem na Piet Retief se vrou), sy naam gekry.

Naamplate is aan die waens geskenk[45] . . . nog 'n uiting van die piëteit waarmee hulle bejeen is. Ds. N. E. Nel van Douglas het spesiaal na Warrenton agter die *Magrieta Prinsloo* aan gery om namens sy gemeenskap 'n namplaat aan die wa te gaan heg. Op Bloemfontein het die Oranje-Vrouevereniging (O.V.V.) 'n naamplaat aan die *Vrou-en-Moeder* geskenk. Die Oronje-Vroue-Sendingbond het die *Sarel Cilliers* op Vegkop desgelyks vereer. Op Klerksdorp is 'n naamplaat, geskenk deur prof. J. D. du Toit (Totius), aan die *Hendrik Potgieter* geheg. En in Johannesburg het die burgemeester uit naam van die Kamer van Mynwese 'n naamplaat van egte goud vir die *Andries Pretorius* geskenk: goud uit ons moederaarde as hulde aan die goud van Voortrekkerheldemoed en -deug.

---

41. *Die Taalgenoot*, November 1938.
42. Mostert, *op. cit.*, pp. 255-256.
43. *Die Transvaler*, 29.9.1938. Mostert, pp. 322-324.
44. Mostert, *op cit.*, p. 531, p. 387 en p. 440.
45. *Ibid.*, p. 556, p. 455, p. 723, p. 748.

Elkeen van hierdie waens het een of meer trekke afgelê. Die oorgrote meerderheid Trekkers was doodgewone spoorwegmanne soos Henning Klopper, Tienie van Schoor, Attie Louw, Roelf Olivier, Andries Kachelhoffer, Louis Nell, Frans van Niekerk, Bokkie Pretorius, Chris Neethling, Jaap Boshoff, Attie Visser en Loutjie Kruger. Dan was daar die groot Afrikanervriende van die A.T.K.V. wat kom hand bysit het soos ds. A. D. Lückhoff (wat naam gemaak het met die Noordwestetrek), dr. B. A. de Wet van die Bloemfonteinse Onderwyskollege, eerw. J. F. Wiesner wat die trek van die jeugwaentjie *Dirkie Uys* behartig het, dr. en mev. S. H. Pellisier, Oom Hekkie Ferreira, H. M. Dalebout en Adam Barnard, om maar net 'n paar te noem. Vanaf 29 Oktober 1938 was mnr. Klopper as hoofleier nie meer tot een Trek beperk nie en het hy tussen die Trekke beweeg. Oom Tienie van Schoor is daarop as leier van die hooftrek aangewys.

IV *Heel Suid-Afrika in beroering*

Hier hoef nie in besonderhede getree te word i.v.m. die kriskras van veertien verskillende trekke, met nog ompadtrekke ook, wat kruis en dwars oor ons land onderneem is nie. Al hul wedervaringe staan opgeteken in die *Gedenkboek* wat die A.T.K.V. van die Trek saamgestel het. Blaai ons deur hierdie boek, lees ons hoe Henning Klopper se droom nie verwesenlik is soos hy en die A.T.K.V. verwag het nie. Hulle oorspronklike gedagte van 'n enkele feeswa op die pad van die Voortrekkers na die noorde is verruim tot 'n Ossewatrek oor al die geskiedkundige paaie van Suid-Afrika. Van 'n rustige treklewe kon daar dus geen sprake wees nie, maar die droom is veel groter en grootser verwesenlik. Die simbool het ver van die werklikheid afgedwaal, maar wat hy in aansien ingeboet het, het hy in betekenis gewin.

In Kaapland het die Trek 'n meer dieplopende en godsdienstige karakter aangenem. Dit was 'n dankbare Kaaplandse Afrikanerdom van wie baie nou vir die eerste keer na meer as 'n eeu van Britse oorheersing geleentheid gegun is om deelgenote aan 'n Afrikanerfees te wees. Die Trek het die Kaaplandse Afrikaner „'n nuwe gees van volksliefde en selfrespek laat inadem."[46] Toe die Oranje oorgesteek is, het die Trek 'n meer militêre karakter aangeneem. Groot perdekommando's met kommandante aan die spits het by die waens aangesluit. Burgers uit die Tweede Vryheidsoorlog en Rebelle in krygsmondering het lang skofte saam met die waens gery.

Binne die eerste twee maande het 250 000 mense die feeste om die waens bygewoon. Geskiedenis is gemaak wat rekordskares betref. Goodwood, Bloemfontein en Bethlehem het elk 20 000 feegangers gehad en George 10 000.[47] Meer as 17 000 was in Pietermaritzburg byeen; 40 000 by Bloedrivier; 1000 000 in Durban en Johannesburg, en eindelik 'n magtige skare van meer as 130 000 by Monumentkoppie. Algaande het mense

46. *Die Burger,* 18.8.1938. Brief van P. C. B. Brink.
47. *Die Transvaler,* 11.10.1938.

'n besondere betekenis aan die waens begin heg. Op 22 Oktober 1938 het 'n Amerikaanse filmbaas in Johannesburg aangekom „om die grootste fees wat vanjaar in die wêreld gehou word" by te woon en te verfilm.[48]

Die hele volk is in die ossewafeeste betrek. Die eer om tou te lei, in die begeleidende perdekommando te ry, op die wakis te sit of ook maar net saam met ander by die waentjie fees te vier, was vir elke gelukkige deelnemer 'n ervaring om nooit te vergeet nie. By Diepkloof het seuns en dogters mekaar verdring om tou te kon lei.[49] Vyf myl buitekant Smithfield het 'n vrou met 'n seuntjie aan die een hand en 'n baba in die ander arm, met 'n tassie waarin hul goedjies was by die lang stoet aangesluit wat die waens kom inwag het. Saam met die stoet het sy weer agter die waens terug dorp toe geloop. 'n Mens kon maar net wonder wat in dardie vrou se gemoed omgegaan het. 'n Vooraanstaande korrespondent van 'n aantal Amerikaanse tydskrifte het by geleentheid aan mnr. Klopper gesê: „This is the most remarkable thing that has occurred in this century amongst all nations and in all countries of the world."[50] By Winburg het stortreën uitgesak toe die waens nog buitekant die dorp was. Uit omstandigheid moes 'n Bantoe die tou vat. Toe kom 'n vrou in Voortrekkerdrag, stoot hom eenkant toe en „hardloop" letterlik voor die osse tot in Winburg.[51]

Afrikaner-voormanne het aan die Trek meegedoen. Oom Chris van Niekerk, latere president van die Senaat, kon nie van die waens wegbly nie. In Kaapstad was hy voorsitter van die afskeidsfees, in Worcester was hy alweer by om 'n toesprak te hou. Op Oudtshoorn het hy uit pure begeestering die tou uit Dirk Mostert se hand gegryp om die Trek die dorp binne te lei.[52] En van toe af was hy een van die Trekgeselskap tot op Rooirivier. Ook dr. E. G. Jansen, latere goewerneur-generaal, was teenwoordig by die fees in Kaapstad. Op Tulbagh is hy weer by en eers woelig toe die waens hulle eindbestemming nader. Dr. E. C. Pienaar en prof. D. F. Malherbe, altyd in Voortrekker-mondering, het ingespring wanneer hulle 'n kansie kry. Mnr. O. Pirow, minister van Vervoer, het op 'n polisieperd die waens geleide uit Kaapstad gedoen.

'n Spontane gevoel het in die volkshart opgewel dat die waentjies die geboorte en eerste worsteljare van ons volk versinnebeeld. D. F. Malherbe het dié gevoel is vers saamgevat:[53]

„Laat ons in vrede trek, sonder verwyt,
om met die stil vlam van geroepenheid
die wye dag gemoedig in te tree . . ."

In sy feestoespraak op Middelburg (K.P.) het prof. D. F. Malherbe die wa gekarakteriseer as die wegbaner en landoopmaker, die wieg, die

48. *Die Taalgenoot*, Mei 1963.
49. *Die Burger*, 30.8.1938.
50. Onderhoud met mnr. H. Klopper, 12.12.1966.
51. *Ibid.*
52. *Die Taalgenoot*, Desember 1938.
53. Mostert, *op. cit.*, p. 18.

woonstee, die huisaltaar en die vesting van 'n volk. Die waentjies het die volk toegeroep: Julle moet waagmoed hê! Julle moet selfstandig wees! Julle moet geloof hê![54]

Totius het 'n gedig geskryf onder die titel *Die Trek van die Boerewaens*.[55] Daarin sê hy dat nie die Oosterse handelaars met hul kamele en nié die Europese karavaanlopers met hul ruilware die beskawing na Afrika gebring het nie. Dit was die Boerewaens met die Heilige Boek, die swaard van bevryding, die hoë sede, die taaiheid en die vryheidshoop wat die nag uit Afrika verdryf het. Sy gedig is by die feesviering op Bloedrivier aan die volk oorhandig.

Waar die waentjies gekom het, het gedenkwaardige tonele hulle afspeel. Die volk het sy siel aan die Simboliese Ossewatrek op die Pad van Suid-Afrika gegee. By die waens is gepraat, gedink, gejubel, gehuil en gebied. Skoolkinders het stokkies gedraai ten einde die waens lang ente te vergesel. Wawiele moes oor sementblokke loop om hierdie gebeurtenis altyd op konkrete wyse in gedagte te hou. Moeders en dogters het plegtig sakdoekies teen die teer van die wielie gesmeer om net 'n aandenking te hê.[56] Baie uitheemse straatname moes voor hierdie vloedgolf van geesdrif swig en plek maak vir name van die Voortrekkers en die Groot Trek self. Die groot noorderweg uit Kaapstad deur Bellville het Voortrekkerweg geword; St. Johnstraat en Hospital Road in Bloemfontein is tot Voortrekkerstraat en Andries Pretoriusstraat herdoop. Die verdedigingshoofkwartier, *Roberts Heights*, het in Voortrekkerhoogte verander. Vandag is daar in feitlik elke dorp van ons land 'n straatnaam wat na 1938 teruggevoer kan word.

Die waens het sinnebeeldig oor dorings geloop. Hulle is met bolmme bestrooi. Kinders is by die waens gedoop, paartjies het daar getrou, lidmate en kerkraadslede is daar voorgestel.[57] Mans het Voortrekkerbaarde laat groei; vroue het weer die tradisionele Vootrekkerdrag gedra. Die Trek het die Afrikanervolk opnuut bewus gemaak van sy geskiedenis, sy helde en die wonderpad waarlangs hy gekom het. Dit was 'n episode van innerlike vernuwing waarin die volk homself en sy God teruggevind het. Daar was geen historiese plek van betekenis wat nie deur die waens in aanwesigheid van groot menigtes besoek is nie: woonplase van Voortrekkerleiers en Boerepresidente; slagvelde waar Boer en Barbaar en Boer en Brit kragte gemeet het; die vergete graf van 'n Kaapse rebel; die Vrouemonument; Slagtersnek; Bloukrans, e.a. Klippe is nie net langs die pad op mekaar gestapel nie, maa ris ook van grafte en ander historiese plekke gebring om in nuwe kerke ingemessel te word.

Toe die Trek begin het, is besluit dat die waens ook oudhede vir die museum by die Monument sou insamel. Ook hier was die geloof en verwagting maar klein: die organiseerders sou tevrede wees met enkele stukke. So oorweldigend soos die geesdrif waarmee die publiek die waens

54. *Ibid.*, pp. 19-21.
55. *Ibid.*, p. 6.
56. *Die Taalgenoot*, Desember 1963.
57. Vgl. Mostert, *op. cit.*, p. 192 en p. 275.

omvou het, was ook die reaksie in hierdie verband: spesiale vragmotors en spoorwegtrokke moes uiteindelik help om die versamenlde oudhede te vervoer.[58] Vandag pryk hulle in die museum by die Voortrekkermonument, in die kultuurhistoriese museum van Pretoria en in die A.T.K.V. se eie museum op Hartenbos. Die glorie van vergane grootheid omsweef hierdie waardevolle oorblyfsels uit meer as twee eeue se beskawingsaksie op die velde van Suid-Afrika.

Waardevolle geskenke is aan die Trekleiers oorhandig. 'n Houtemmer gemaak uit die hart van 'n lukwartboom,[59] wat nog deur die moeder van Piet Retief geplant is, en 'n preekbundel uit die jaar 1712 is op die geboorteplaas van dié Trekleier — *Welvanpas* in die Wagenmakersvallei, Wellington, — geskenk. Later in Port Elizabeth het die predikantebroederkring *Philadelphos* 'n geraamde takkie okkerneuthoutblare van 'n bom wat deur Piet Retief aan die Somerstrand geplant is, aan Trekleier Hekkie Ferreira gegee.[60] Een geskenk is selfs per radio aangebied. Die bedrywige en feitlik alomteenwoordige hoofleier van die Trekke, Henning Klopper, kon nie persoonlik die fees op Hartenbos bywoon nie. Dit het egter nie verhinder dat mev. (ds.) P. W. A. de Klerk vandaar per radio 'n replika van 'n ossewa in stinkhout aan hom „oorhandig" nie.[61] 'n Kaapse rebel het die ou aambeeld waarop Gert Vosloo en Barend de Klerk meer as honderd jaar tevore die bande van die beroemde ou houtkanon van die Van Jaarsveld-opstand geslaan het, aan die Trek geskenk.

Willowmore se mense het 'n gevleuelde wiel gegee,[62] en op Bulhoek het die Trekkers 'n span dolosse ontvang. Die Bybel van J. I. de Wet, vader van die bekende Boeregeneraal Christiaan de Wet, is op Dewetsdorp aan die Trek oorhandig.[63] Een van die eienaardigste geskenke was „Dingaan se kopkussing", 'n houtbalk op vier pote in die vorm van 'n dier, wat ná Dingaan se vlug in sy afgebrande stat gevind is. Die mense van Parys het dit gegee.[64]

Behalwe hierdie rariteite is ook waardevolle kultuurhistoriese artikels aan die waens oorhandig — oorspronklike ou meubelstukke, sommige swaar, ander fyn en delikaat, wat vandag haas onbetaalbaar geword het; kombuisgereedskap uit die gisterjare; saals; tooms; boeke; klere; plaasgereedskap; vuurwapens waarmee die Trekker van 'n eeu tevore homself verweer het; eetgerei, omhul met die swier van tot twee eeue, en nog veel meer. Ongelooflik was die talle skatte wat uit die volksverlede opgediep en vir bewaring vir die nageslag geskenk is.

Twee uitmuntende kunsstukke is aan die Trek oorhandig: op Bethal 'n ossewa-skildery van Pierneef,[65] en in Johannesburg 'n beeld van die

58. Onderhoud met mnr. M. C. van Schoor, 16.11.1965.
59. Mostert, *op. cit.*, p. 139.
60. *Ibid.*, p. 276.
61. *Ibid.*, p. 197.
62. *Ibid.*, p. 245.
63. *Ibid.*, p. 429.
64. *Ibid.*, p. 466.
65. *Ibid.*, p. 649.

afgeleefde president Kruger deur Anton van Wouw.[66] Ook die waardevolle eerste edisie van die Afrikaanse Psalms deur die berymer Totius het 'n tuiste op die waens gevind.[67] Dagboeke en dokumente uit die wordingsjare van ons volk is onder die stof op solders uitgelig en na die waens gebring wat dit in veilige bewaring moes neem.

Op Thaba Nchu het die Barolong-kaptein, Moroka, die Trekkers 'n bees present gegee. Henning Klopper het terstond beloof dat hierdie nasaat van 'n ou vriend van die Voortrekkers (na die slag van Vegkop in 1836 het die Barolongs gehelp om die hulpelose Potgieter-treklede na Thaba Nchu terug te bring) op 16 Desember 1938 vier verdere beeste saam met sy geskenk terug sou ontvang om „'n hand van vyf vol te maak."[68]

Die mooiste osse wat ooit 'n kakebeenwa getrek het, is op Kroonstad gesien: 'n span rooi Afrikaners van Kootjie Serfontein. Hulle was so hoog dat 'n volwasse man nie oor hulle skowwe kon kyk nie. Mnr. Serfontein het nog verder gegaan en die A.T.K.V. 'n pragtige volbloed-Afrikanerbul geskenk.[69] Lank ná die Trek was hierdie bul nog een van die mooiste sierade van die vakansieoord Hartenbos.

Seker die bedagsaamste geskenk van die hele Trek is aan die *Louis Trichardt*-trekgeselskap oorhandig toe hulle die Vaalrivier by Standerton oorgesteek het. Mev. (ds.) T. F. J. Dreyer het die Trekkers ingewag met 'n mandjie egter Voortrekker-ontbyt. Dit het bestaan uit roosterkoek, biltong, koffie en . . . perskebrandewyn![70]

Op Blanco, waar talle grysaards met ontblote hoofde die wa ingewag het, het feesgangers mekaar vertrap om die Trekkers 'n laaste handdruk te gee.[71] Een dogtertjie het 'n lid van die trekgeselskap 'n kardoesie lekkergoed in die hand gestop as haar bydrae . . . In hierdie trant kan 'n mens boekdele vol skryf, maar ons volstaan met hierdie enkele voorbeelde van opstuwende geesdrif en diepe ontroering wat op elke trekroete om en by die waens ondervind is.

### V *Posvervoer*[72]

Dan was daar die pos wat deur die Trek vervoer is. Nie minder as 101 553 spesiale herdenkingskoeverte is van Kaapstad na Pretoria en 10 187 na Bloedrivier vervoer nie. Aanleiding hiertoe was die volgende: Die koeverte en seëls wat die bekende kunsskilder W. H. Coetzer vir die Manumentfonds ontwerp het, het swak verkoop. Toe het mnr. Kosie Scheepers, sekretaris van die S.V.K., ene mnr. Cutler en oom Tienie van Schoor op die gedagte gekom om die pos met die ossewaens op die hoofroete te vervoer. Aanvanklik is beplan om 10 000 briewe na Pretoria te vervoer waar dit die spesiale eeufeesstempel sou ontvang voordat dit

66. *Ibid.*, p. 748.
67. *Ibid.*, p. 721.
68. Onderhoud met mnr. H. Klopper, 12.12.1966.
69. Mostert, *op. cit.*, p. 450.
70. *Ibid.*, p. 638.
71. *Die Burger*, 30.8.1938.
72. Onderhoud met mnr. M. C. van Schoor, 16.11.1965; *Die Taalgenoot*, Mei 1963.

na hul onderskeie bestemmings afgestuur word. Spoedig is 'n ongekende vraag na koeverte en seëls ondervind. Nog vóór die waens Kaapstad verlaat het, het die aanvraag reeds op 80 000 gestaan!

Toe die *Piet Retief* en die *Andries Pretorius* op 8 Augustus 1938 uit Kaapstad vertrek, het oom Tienie 25 604 koeverte opgelaai. Drie dae later moes die pos herverpak word sodat oom Tienie en Tannie van Schoor geriefliker tussen die possakke op die Piet Retief kon slaap. Op Worcester moes die pos afgelaai word, want die buikplanke van die waens het begin uitsak en die wiele het gewaggel. Oom Tienie was in die knyp, want hy het dr. Jansen persoonlik belowe dat elke brief per ossewa tot in Pretoria vervoer sou word. Mnr. Heard, die posmeester van Worcester, en oom Tienie het die pos in die Worcesterse poskantoor versteek. Intussen het mnr. Daan Grundlingh by wamaker Philips van die Paarl om hulp gaan aanklop i.v.m. die posvrag. Philips het 'n splinternuwe-bokwa vir die posvervoer geskenk. Hierdie wa, wat die naam *Hendrik Potgieter* sou ontvang, is in rekordtyd (twee weke) gebou, maar die pos (35 000 briewe) het intussen op Worcester agter gebly terwyl die Trek verder is.

Spoedig het fluisterpraatjies rondgegaan dat oom Tienie die pos per trein vanaf Worcester na Pretoria aangestuur het. Op Swellendam het pers- en radiomanne 'n verklaring i.v.m. die lotgevalle van die pos geëis. Doodluiters het oom Tienie 'n beëdigde verklaring gemaak dat die volle posvrag wat vanaf Kaapstad tot Swellendam opgelaai is, nog in sy besit was. Hy het egter nie gesê dat die helfte van die pos op Worcester agter gebly het nie — sonder sy opdrag kon dit tog nie vanaf Worcester vervoer word nie!

Terwyl oom Tienie se trek op Heidelberg vertoef, verneem hy dat die poswa per trein op pad na Riversdal was. Hy het die trein op Ashton-stasie laat voorkeer en die wa afgelaai. Gedurende die nag het mnr. Hugo en vriende van Worcester die pos per muilwa van Worcester na Ashton-stasie deurgebring. Nou was daar nog 160 km na Riversdal voor. Gewillige en hulpvaardige hande het egter nie makeer nie. Ds. I. E. Heyns van Swellendam het vyf span osse in die hande gekry en op strategiese punte geplaas. Die *Hendrik Potgieter* met die pos is van Ashton-stasie na Heidelberg gedurende die nag van 22 Augustus 1938 „deurgejaag". Op die laaste skof van 33 km tussen Heidelberg en Riversdal het hy egter teenspoed ondervind: bek- en klouseer het in die omgewing uitgebreek. Ds. Heyns het weer 'n plan gemaak: gedurende die nag van 24 Augustus het hy die *Hendrik Potgieter* met die pos per vragmotor vanaf Heidelberg deurgebring en op die oggend van 25 Augustus kon die pos saam met Trek verder!

Die meeste koeverte — 25 861 — is op Slagtersnek opgelaai. Sewentig poskantore is aangedoen van die Kaap tot in Pretoria. Die totale pos het uiteindelik meer as vier ton geweeg! Die posmeester-generaal het in sy jaarverslag vir 1938-39 'n afsonderlike hoofstuk aan die posvervoer met die ossewaens gewy. Dit was seker die kosbaarste pos wat nog ooit met 'n wa vervoer is. Daar was o.a. stelle posstukke vir die keiser van

Japan en die koningin van Nederland. In die Jaarverslag is ook 'n pragtige afdruk weergegee van 'n herdenkingskoevert, op Bulhoek gepos, en gerig aan „Die Voorsitter van die Tweede Eeeufees van die Voortrekkers, Voortrekkermonument, Pretoria." Onderaan dié koevert was die volgende getik: „Nie oop te maak voor 16e Desember 2038." Hierdie koevert word veilig in die museum by die Voortrekkermonument bewaar.

VI *Aandoenlike oomblikke*

Vier maande en agt dae lank het die waens oor die paaie van Suid-Afrika beweeg. Altesaam agtduisend osse het op verskillende roetes die waens getrek. Met die vertrek uit Kaapstad was geen osse aldaar beskikbaar nie. Twee spanne uit Beaufort-Wes en Clanwilliam is in die hande gekry. Hierdie osse was egter nie teerstrate gewoond nie, en nog vóór die waens Bellville bereik het, was hulle pootseer. Penarie op penarie: niemand het meer geweet hoe om 'n os te beslaan nie! Algaande het dit egter beter gegaan.[73]

Net een keer was daar nie osse beskikbaar nie. Dit was op die trek van Wenen na Colenso. 'n Span muile het die *Vrou-en-Moeder* die berghoogte by Weenen uitgesleep, terwyl 'n span Indiese buffels die *Piet Retief* oor die hoogte gehelp het.[74] Toe hierdie twee waens die einde van hul trek op Bloedrivier bereik, het die aanplakbiljet van 'n Engelse koerant in Afrikaans gelui: „Malan kom vandag op Bloedrivier aan."[75] Dit was treffende hulde aan die Voortrekkers in hulle eie taal. Op Pietermaritzburg het die waarnemende Administrateur van Natal, mnr. T. A. F. Rhodes, o.a. gesê: „Ek ken niks boeiender en bekoorliker as die Voortrekkergeskiedenis nie . . . Ek dank die Here vir die wiel, die wa en die os."[76]

Mnr. Attie Louw onthou i.v.m. die voorsiening van osse die opvallende offergees van die Afrikaners.[77] Op Fraserburg het adv. Eric Louw, latere minister van buitelandse sake, hom meegedeel dat daar nie osse was om die wa tot op Beaufort-Wes te trek nie. 'n Boer Muller van Merweville het die gesprek aangehoor. Daarop het hy ene mnr. Rossouw gevra watter prys hy sou aanvaar vir sy osse wat die wa tot op Fraserburg getrek het. Rossouw het R10 per os gevra. Muller het sy tjekboek uitgehaal, 'n tjek vir R120 uitgeskryf en aan Rossouw oorhandig. Nou was daar osse om die Trek verder te neem.

Interessante wedervaringe was volop. Die *Johanna van der Merwe* het vroeg in November 1938 in ossewarekord daargestel deur die 50 km tussen Kuruman en Kamden in heelwat minder as 'n dag af te lê. Hierdie wa en die *Magrieta Prinsloo* is op hul trek deur die Noordweste oral deur juigende menigtes begroet „en dit is asof die inspirasie van die waens die boere in daardie streke laat vergeet dat die wêreld droog en die tyd

73. Onderhoud met mnr. H. Klopper, 12.12.1966.
74. Mostert, *op. cit.*, p. 611.
75. *Ibid.*, p. 621.
76. *Ibid.*, p. 596.
77. *Die Taalgenoot*, Mei 1963.

uiters kommervol is."[78] Effens later in dieselfde maand (November) het die Trekkers byna verkluim as gevolg van 'n skielike temperatuurdaling tot byna vriespunt. In teenstelling hiermee het feesgangers op Bethal weer flou geword as gevolg van die kwaai hitte.[79]

Die grappigste insident het op Kamieskroon plaasgevind.[80] Die veld was kaal en die diere maer en honger. In die nag, terwyl oom Daantjie Rossouw van Piketberg by die wa lê en slaap, het 'n honger boklam gekom, die „pol" gesien en aan die welige bos Voortrekkerbaard begin peusel! Hierteenoor staan die plegtige en aandoenlike oomblikke van die Trek. Op Bloemfontein het vroue en dogters die *Vrou-en-Moeder*-wa van Bloemfonteinstasie tot by die Vrouemonument getrek. Dié voorval het plaasgevind as gevolg van die weiering van die destydse stadsraad om die name van St. Johnstraat en Hospital Road te verander na Voortrekkerstraat en Andries Pretoriusstraat onderskeidelik, waarop die Afrikanergemeenskap geweier het om van die osse van die stadsraad gebruik te maak om die waens te trek. „Daar het 'n onbeskryflike gewaarwording deur my gegaan toe ek die vyf Voortrekkerwaens in skitterende optog deur die strate van Bloemfontein sien gaan," het dr. Kestell later gesê. „Hierdie gevoel het in my verdiep toe ek sien dat daar nie osse is nie en dat studente die tou vat. Maar diepste het my aandoening geword toe ek sien dat die *Vrou-en-Moeder*-wa getrek word deur vroue en moeders en dié wat nog moeders sal word. Ek het iets onverklaarbaars in my voel roer."[81]

Een van die aangrypendste oomblikke is op Amalia belewe. Moeders met doodkissies in die hande het in optog gestap na die graf van Anna Susanna Sonnekus, 18-jarige Boeredogter wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur die vyand in die rug geskiet is. Die koeël wat in haar lyk gevind is, is aan die Trek oorhandig.[82] 'n Ewe aandoenlike oomblik is op Klawer belewe toe 'n ou tante sonder om 'n woord te sê 'n geldbussie met een pennie daarin op die *Johanna van der Merwe* gaan neersit het.[83]

Vir die trek van hierdie wa deur die Noordweste kon beswaarlik osse gevind word. Toe wel osse in die hande gekry is, was voer vir hulle weer 'n kwessie. Die boere van die Olifantsrivier het daarop drie honderd bale lusern geskenk wat al langs die trekroete vooruit gestuur is en die trek veilig gebring het tot waar weiding weer beskikbaar geword het. Dit was so droog dat die Trekkers plek-plek net drinkwater gehad het. Maar toe dit onverwags op Marydale begin reën,[84] en die Trekkers

---

78. *Ibid.*, November 1938.
79. Mostert, *op. cit.*, p. 649.
80. *Ibid.*, p. 492.
81. *Die Transvaler*, 25.10.1938; Vgl. in hierdie verband ook Van Schoor, mev. S. M., *Die Vrou en haar aandeel in die Simboliese Ossewatrek*, Artikel in ATKV-Argief.
82. Mostert, *op. cit.*, p. 522.
83. *Ibid.*, p. 485.
84. *Ibid.*, p. 504.

ook weer waswater gehad het, was tant Jacoba van Niekerk se geskenk van 'n steen Boereseep dubbel welkom!

Gebeurtenisse wat 'n rigtinggewende invloed op ons nasionale geskiedenis sou hê, het tydens die Trek plaasgevind. Toe die waens op Oudtshoorn kom, het 'n skare van 8 000 *Die Stem van Suid-Afrika* tot volkslied van Suid-Afrika uitgeroep.[85] In Bloemfontein het Vader Kestell die volk tot 'n groot Reddingsdaad op ekonomiese gebied opgeroep.[86] Met die besoek van die waens aan Lichtenburg is inwoners herinner aan 'n voorspelling van Niklaas (Siener) van Rensburg. Gedurende sy lewe het hy „gesien" hoe die dorp in 'n see van Vierkleure gehul is, terwyl daar ook 'n ander vlag was wat hy nie ken nie, „maar wat geen gevaar inhou nie."[87] Toe die waens Lichtenburg bereik, was die dorp inderwaarheid vol Vierkleure, terwyl die huidige landsvlag ook gewapper het! So het ons nasionale simbole tydens die Trek aan betekenis gewen.

Die gees wat deur die feesvierings verwek is, is ongetwyfeld verhoog deur die meerderheid toesprake wat gehou is. Die eerste fees het in Kaapstad voor 'n stadsgehoor plaasgevind en in stygende tempo sy hoogtepunt in Pretoria om die hoeksteen van die Voortrekkermonument bereik. Byna alle toesprake is deur twee besondere feite gekenmerk: eerstens, die Afrikaner moet trots op die verlede van sy volk wees; tweedens, wanneer Afrikaners eensgesind optree, kan hulle vir hulle volk 'n toekoms skep.

VII *Monumentkoppie*

Teen die einde van November 1938 was dit duidelik dat die feesstemming sy hoogtepunt nader. Op 30 November het die fakkelloop in Kaapstad begin, bygewoon deur meer as 10 000 mense. Terselfdertyd is bekend gemaak dat 241 spesiale treine feesgangers na Pretoria sou vervoer.

Intussen het die eerste waens by die Rand se geel mynhope aangekom, waar die myndorpsbevolking hulle netso geesdriftig as oral langs die pad ontvang het.[88] „Waar Paardekraal se vinger wys" as ewige herinnering aan die vryheidstrewe van 'n volk, is op 1 Desember die eerste ossewafees van die Rand gevier. Johannesburg, so dikwels beskryf as die stad met 'n hart van goud sonder 'n siel, het tog sy siel ontbloot toe krakende ossewaens deur sy woelige strate begin beweeg het. Die stad, wat reeds vanaf 30 November fees gevier het, het op die oggend van Saterdag, 3 Desember, al sy belangrikste aardse skatte vergeet. Meer as 100 000 mense het langs die strate saamgedrom om die ossewaens te aanskou.[89] Feeste op Crosby, Linden — waar 37 kinders gedoop is —, en op Bezuidenhoutsplaas, het skares van tussen 15 000 en 50 000 gelok. Met die fees langs die Irene-konsentrasiekampkerkhof het die Engelssprekende eienaars van die plaas die feesterrein kosteloos skoongemaak en

85. *Die Transvaler*, 4.9.1938.
86. Mostert, *op cit.*, pp. 220-223.
87. *Die Transvaler*, 19.11.1938.
88. *Ibid.*, 3.12.1938.
89. *Die Taalgenoot*, Desember 1963.

op eie koste elektriese krag en water aangelê — sprekend van die gesindheid van die Engelssprekende bevolkingsdeel ten opsigte van die Trekonderneming.

Rondom Monumentkoppie het in die dae vóór 16 Desember 1938 'n tentestad verrys waarin uiteindelik 70 000 feesgangers tuis sou gaan. Dit was 'n egte Voortrekkerstad wat o.a. 'n Retief-, 'n Potgieter- en 'n Pretorius-laer ingesluit het. Al die nodige geriewe was beskikbaar, selfs 'n eie nuusblad, *De Oude Emigrant* (genoem na die eerste Transvaalse koerantjie van 1859), wat deur die Afrikaanse Studentebond uitgegee is. Dit was 'n Afrikanerstad in die volle sin van die woord. 'n Samehorigheidsgevoel, 'n spontane hartlikheid en welwillendheid het geheers.

Op die oggend van Woensdag, 14 Desember, het die waens die feesterrein bereik. 'n Huiwering het deur die mensesee teen die heuwelrant gegaan toe die *Andries Pretorius* onder die Vrystaatse en Natalse republikeinse vlae die Trek die Eeufeesterrein binnelei.[90] Dit was 'n aandoenlike oomblik en 'n onvergeetlike toneel — die laaste uitspanning van die wonderbaarlikste tog in ons hele geskiedenis. „Met trane van aandoening in die oë is die waens verwelkom, selfs deur diesulkes wat aanvanklik onverskillig teenoor die hele beweging gestaan het. In Afrikanerharte wat koud geword het, koud omtrent die ideale en tradisies van die vadere, is 'n nuwe gloed ontsteek. Afrikanerharte wat hard geword het, hard van selfsugtige materialisme, hard van traak-my-nie-agtigheid omtrent die eie geestelike erfgoedere, het week geword. Uit Afrikanerharte wat met bitterheid vervul was, bitterheid teenoor mede-Afrikaners, het trane van berou opgewel," aldus *Die Burger*.[91]

Die aankoms van die waens was die teken vir die begin van die feesprogram langs die fondamente van die Voortrekkermonument. Die hoogtepunt van die eerste dag is die aand bereik met die aankoms van die fakkels — een uit Kaapstad en die ander uit Dingaanstat —, vergesel van 3 000 Voortrekkers, almal met brandende fakkels. „Dit was soos die gloed van 'n komende dag toe die lang streep fakkels van ver oor die huiwelkruin aankom," het 'n verslaggewer geskryf.[92] Daardie aand het reeds 44 000 mense in die kampterrein geslaap.

Twee dae later, Vrydag 16 Desember 1938, het bulderende saluutskote met sonsopgang — soos honderd jaar tevore by Bloedrivier — in die wydse oggendstilte oor die Eeufeeskamp en Pretoria tot ver teen die hang van Magaliesberg weergalm. Met die eerste skote het duisende vroue en dogters in Voortrekkerdrag 'n bedevaart-optog na die kruin van Monumentkoppie begin waar 'n eenvoudige maar plegtige diens gehou is.[93] Hoog teen die koppie het die vlae — die Voortrekkervlag, die vlag van die Natalse Republiek, die Vrystaatse en Transvaalse Vierkleure — styf gespan teen die oosteluggie wat miswolkies vóór hom uitgedryf het. Toe

90. Mostert, *op. cit.*, p. 773.
91. *Die Burger*, 15.12.1938.
92. *Die Transvaler*, 15.12.1938.
93. *Ibid.*, 20.12.1938.

die kanonne bedaar, het die duisende bo-op en teen die helling van die rantjie spontaan *Komt treën wij dan bemoedigd voort* aangehef.

Om elfuur het die magtige skare tot nagenoeg 130 000 — meer as een tiende van die destydse Afrikanervolk — aangewas. In ontsaglike stilte het kerkvader Kestell die openingsgebed gedoen. „Ons dank U vir alles wat in die jaar wat verby is, deur ons gegaan het, vir wat daar nog roer in die diepste van ons wese — mag dit wat ons hier ondervind, voortleef," het hy gebid.[94] Hierna het Totius se besielende preek gevolg. Toe die drie hoeksteenleggers, mevv. K. F. Ackerman, J. C. Muller en J. Preller — afstammelinge onderskeidelik van Hendrik Potgieter, Andries Pretorius en Piet Retief —, gevolg deur die Voortrekkerfakkel wat in Kaapstad aangesteek is op die koppie verskyn, het die skare andermaal spontaan begin sing, hierdie keer *Prijs den Heer*. Terselfdertyd is die Vierkleur, wat tot die Britse besetting van Pretoria in 1900 oor die Raadzaal gewapper het, op die raamwerk van die hoeksteen van die Voortrekkermonument gehys.

In 'n indrukwekkende prosessie het die hoeksteenleggers deur 'n erewag van regstreekse Voortrekker-afstammelinge die monument se trappies genader. Die dagregister van Jan van Riebeeck, 'n afskrif van die Retief-Dingaan Traktaat, 'n vergulde afskrif van die gelofte van 9 Desember 1838, 'n afdruk van *Die Stem van Suid-Afrika*, en 'n met bloedgevlekte Bybel wat nog uit die moord- en brandnag van Bloukrans oorgebly het, is in die hoeksteen gelê.[95]

Dieselfde middag het dr. D. F. Malan meer as 40 000 feesgangers by Bloedrivier toegespreek. Aan die einde van sy rede het ongekende tonele hulle afgespeel. „Dat 't Heeren Zegen op u Daal" en *Die Stem* in spontaan aangehef waarna dr. Malan met die Vierkleur voorop, skouerhoog deur 'n ereboog van vasgeklemde hande gedra is. In sy toespraak het dr. Malan o.a. gesê: „In hierdie Eeufeesjaar het die Afrikanerdom homself weer ontdek. Opgestaan uit die stof van vernedering en veragting, eis hy nou volle erkenning vir homself, vir sy edele voorgeslag en sy nageslag . . ."[96] Daardie aand, by die afsluiting in die feeshuis in Pretoria, het Henning Klopper 1938 beskryf as „ons jaar van wedergeboorte". Agter het die trekpad gelê, vol spore wat nooit weer uitgewis sou word nie. Die wondertrek was oor, maar die ossewagees het voortgeleef . . .

## VII *Vrugte van die Ossewatrek*

Hoe sterk die aar was wat die A.T.K.V. raakgeboor het, blyk wanneer enkele gevolge van die Simboliese Ossewatrek nagespeur word. Wat as 'n verenigingstrek bedoel was, het 'n volksonderneming geword.

Die Ossewatrek het ons volk weer van sy afsonderlike nasieskap bewus gemaak, „deur die kraak van 'n wawiel, die geklap van 'n sweep-

---

94. *Ibid.*
95. *Ibid.*
96. Pienaar, S. W. en Scholtz, J. J. J., *Glo in U Volk — Dr. D. F. Malan as Redenaar*, p. 129. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1964.

voorslag, en die mistieke krag van die voorgeslag, van wie in hierdie jaar 'n herbore gees ons volkshart binnegetree het," het die treffende voorwoord in die kongresboek van A.T.K.V. gelui.[97] Meer nog: die Ossewatrek was die teken vir 'n Afrikaanse herlewing. Dit het onder die Afrikaners 'n geesdrif, 'n selfbewustheid en 'n dryfkrag losgemaak wat in talle lewensgebiede ingestoot het soos vloedwater in droë kanale. „Ja, neëntienhonderd ag en dertig, jy bring die ossewa om Afrikaners wakker te skud . . ." het ons tereg gesing.

Net so min as wat Henning Klopper vooraf die aansien van sy Trek kon bepaal, net so min kon iemand die eindpunt van die groot volksbeweging wat daaruit ontstaan het, bepaal. Nog tydens die Trek het 'n koerantman geskryf: „(D)aar is wiele aan die rol gesit op die pad wat nie einde het nie — die Pad van Suid-Afrika. Waar dit sal eindig, en hoe dit sal eindig, kan niemand voorspel nie; maar mylpale sal op die pad geplant word en 'n volk in sy wording sal nuwe krag ontvang wat wellig spore sal nalaat op die eeu wat kom . . ."[98] Hierdie voorspelling is sedertdien op haas elke vlak van ons volkslewe bewaarheid.

In ons politieke geskiedenis is die oorwinningsjaar 1948 haas ondenkbaar sonder 1938, toe 'n smadelike neerlaag by die stembus gevolg is deur die opbruising rondom die waentjies. Die jaar 1938 het onder 'n wolk van bitterheid en verdeeldheid oor die Afrikanerdom gedaag. Op politieke gebied was ons volk so verdeeld soos nog nooit tevore in sy geskiedenis nie.[99] Meer as een bekommerde Afrikaner het die vraag gestel hoe dit ooit moontlik sou wees om die hoeksteen van die Voortrekkermonument te laat lê en op die terrein waar die slag van Bloedrivier plaasgevind het, 'n monument te onthul. Kon mense wat so fel teenoor mekaar gestaan het, ooit saamkom om die verlede van hul volk in 'n gees van eensgesindheid te herdenk? Dit was 'n vraag waarop niemand blykbaar 'n antwoord kon vind nie.

Die antwoord is op heel onverwagte wyse gevind deur die A.T.K.V. toe hulle die Ossewatrek georganiseer het. Hulle sou dwarsdeur Suid-Afrika die geleentheid verskaf waarna duisende Afrikaners daagliks gesmag het. Dit was om die bitterheid en die verdeeldheid te kon vergeet en weer met 'n gevoel van eensgesindheid besiel te wees.[100] Binne enkele dae ná die aanvang van die Trek was dit duidelik dat 'n nuwe gees onder die verdeelde Afrikanerdom vaardig geword het. Die osse het nog maar in die skadu van die Bolandse berge gestap, toe dit geblyk het dat die waens met die boodskap van eensgesindheid gekom het. Wanneer die Trek op 'n bepaalde plek gekom het, het die verdeeldheid wat soos 'n vretende kanker was, onmiddellik verdwyn en Afrikaners wat mekaar nie meer gegroet het nie, het weer die ou bande van vriendskap hernu. Die bande van kameraadskap en broederskap tussen Afrikaners is om

97. *ATKV-Kongresboek* 1938, p. 8.
98. Pienaar, Schalk, *Trek se Diep Spore* in *Die Taalgenoot,* Desember 1938.
99. Vgl. Scholtz, G. D., *Ossewaens het Verdeelde Afrikaners Verenig* in *Die Taalgenoot,* Mei 1963.
100. *Die Burger,* 10.8.1943.

die waens herstel. In oomblikke van ekstase, toe Afrikanerharte warm geklop het, is dié band gesmee. Dit was juis hierdie spontane opwelling van volksgevoel en volksgebondenheid wat die aansien van die Trek verander het: van oral was daar aandrang op besoek van die waens.

Oor 'n tydperk van net meer as vier maande het die ossewaens die boodskap van eensgesindheid aan alle Afrikaners gebring. Destyds was die getal Afrikaanssprekendes in ons land sowat 1 200 000. Ons kan aanvaar dat die oorgrote meerderheid van hulle een of meer feesvierings by die waens bygewoon het. Die grootste enkele saamtrek, uitgesonderd die hoeksteenplegtigheid, was waarskynlik dié van Johannesburg op Saterdag, 3 Desember 1938, toe daar na skatting 70 000 feesvierendes bymekaar was. Hier het die verstedelikte Afrikaner weer sy eieaard en sy bande met sy volk gevind. Tereg het prof. D. F. Malherbe op Rustenburg gesê: „Goddank, die tyd vir minderwaardigheid by die Afrikaner is verby. Ossewawiele het weer oor die vlaktes van Suid-Afrika gerol as teken van 'n nuwe krag en 'n nuwe trots by die Afrikaner. 'n Godgegewe honger bring ons om die ossewaens — die honger om mekaar weer te vind. Die ossewa het ons geleer dat die Afrikaner weer kan opstaan in eie onverskrokke krag. Hy het weer getoon dat die Boerevolk 'n onverbreekbare organiese eenheid is."[101]

Ná die hoeksteenlegging in Pretoria en die onthulling van die Bloedriviermonument is dwarsdeur Suid-Afrika die vraag gestel of die politieke stryd maar weer in al sy felheid hervat moes word. Baie Afrikaners het van die standpunt uitgegaan dat dit nie mag gebeur nie en dat alle pogings in die werk gestel moes word om die gees van eensgesindheid te bestendig. Van verskeie kante is 'n beroep op die vernaamste politieke leiers gedoen om byeen te kom en die breuk in volksgeledere te probeer heel. Offisiële samesprekings het wel plaasgevind, maar tot 'n openlike daad van hereniging het dit nie gekom nie. Hiervoor was die omstandighede op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog allermins gunstig. Tog het die „ossewagees" nie vervaag nie. Duisende Afrikaners is daardeur opgewek om andermaal mee te help aan die stryd van hul volk op alle terreine. Nouliks was die oorlog in 1945 verby, of hernude herenigingspogings is aangewend. Hierin is bo verwagting goed geslaag en in 1948 — tien jaar ná die Ossewatrek — kon die Afrikaner met die algemene verkiesing toon welke gees van eensgesindheid onder hulle geheers het.[102]

Die diepere eenheid en verbroedering het bly voortduur, selfs te midde van nuwe eise en nuwe uitdagings. So het A.T.K.V. se ossewaens diepe en onuitwisbare spore in die hart en gemoed van die Afrikanerdom getrap. Tereg het dr. T. J. Hugo, ondervoorsitter van die S.V.K., later geskryf: „Die ossewatrek was en is die simbool van die volk se geloof in 'n opperste Geregtigheid wat die lot van volke in Sy hand het. Ook het dit 'n simbool geword van die feit dat die Afrikaner sy land aanneem as erfenis wat sy vadere vir hom verwerf het."[103]

---

101. *Die Transvaler*, 29.11.1938. Mostert, *op. cit.*, p. 742.
102. Scholtz, G. D., *op. cit.*
103. *Die Taalgenoot*, Januarie 1943.

Soos die Trekkers van 1838 het dié van 1938 bewys van 'n roeping gelewer. Daarom was die Trek van 1838 groots in sy opvatting, groots in sy uitvoering en groots in sy nawerking. So die Trek van 1938 ook. Waar die Groot Trek 'n volk help skep het, het die Simboliese Trek 'n eeu later 'n volk laat herontwaak. 'n Ganse geskiedenis en 'n ganse kultuur het in beeld herleef voor 'n nageslag wat reeds begin vergeet het dat hy 'n voorgeslag gehad het. As bewys hiervoor is dit nie nodig om die geesdriftige skares wat die waens oral verwelkom het, aan te haal nie. Daar is sterker bewyse. Die A.T.K.V. het 'n vertolking van die ossewatydperk gegee soos geen historikus of digter dit kon doen nie. Die Trek was 'n lewende kursus in die Afrikaner se geskiedenis — die *Pad van Suid-Afrika* wat deur Langenhoven met woorde geskilder is, het die A.T.K.V. met die wawiel laat ooptrap. 'n Hernude belangstelling in ons volksgeskiedenis het gevolg. Die geskiedenis van vergete mylpale in ons volkswording is opgediep, veral dié van die Groot Trek en daar was eensklaps ongekende geesdrif vir die geskrewe geskiedenis van Suid-Afrika.

Die A.T.K.V. het met sy waens in 1938 die Afrikaanse kind uitgelok na die veld. Dáár het hulle geleer om te sing en te speel. Vergete en half-vergete volksliedjies is weer opgediep. Daar waar die Trekkerswa uitgespan het, is die volkspelelaers gebore. Vandag het hierdie laers oor die hele land gerank. En tussen die trekgoed by die uitspanning het die volk sy verlore speelding teruggevind. Die jukskei het nuwe betekenis gekry. Jukskeilaers is oor die hele land gestig, selfs in die hart van ons grootste stad.

Die ossewaens het 'n opstandingsboodskap aan ons volk gebring: ons dooies is nie dood nie, hulle lewe en hul geeste gaan as in triomtog oor die Afrikaner heen. Op die waspoor het die volk na die helde se grafte geloop. Blomme is op hul grafte gelê, nuwe monumente is gebou. Die heldekultuur is tot ongekende hoogtes gevoer. In stampvol sale, onder die oop ruimtes van die Afrikaanse hemel, is heldedade besing en God gedank vir die offers wat gebring is.

Onregstreeks het die Trek die baardkultuur geïnspireer. Die baard het geword 'n teken van ons verwantskap met mekaar en met die voorgeslag. Dit het nuwe eerbied vir die hoë ouderdom geleer. Tradisionele aanspreekvorme soos oom, tante, neef en niggie het herleef. Die grasieuse ou volksdrag is in ere herstel, op die wa en om die wa. Fluweelpakke en kleurryke Voortrekkertabberds het weer die tooisel van oud en jonk geword. Die enigste vrou in die Engelsgesinde Bloemfonteinse stadsraad, mev. Marie Visser, het die raadsvergaderinge in Voortrekkerdrag bygewoon. Plattelandse vroue het in Voortrekkerdrag hul inkopies in die Vystaatse hoofstad kom doen.

Die kultuur van oudhede het op die voorgrond getree. Verslete voorwerpe, verroeste instrumente en ontelbare kleinode is versamel. Museuns het tot stand gekom en oudhede ter waarde van duisende rande het nuwe tuistes op die Pad van Suid-Afrika gevind.

Die Ossewatrek het ook die verhoog geskep waarop die Afrikaanse

kind met sy brandende fakkel geleentheid kon vind om besieling na die volk uit te straal. Op die waspoor het ons kinders gehardloop. Hulle het deur die volk se hart gehardloop.[104]

Die trek van die ossewaens het ook 'n geleentheid gebied om taalverspoeling aan bande te lê. Vir die A.T.K.V. in die besonder was dit 'n geleentheid om sy voogskap oor Afrikaans met trots te handhaaf. Voor die aanvang van die Trek is dit duidelik gestel dat „met die oog op die feit dat ons die Arikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.) verteenwoordig en die Eufees wat ons vier 'n fees is van uitsluitlik en streng Afrikaans en huishoudelike aard, hy nie kan deelneem aan enige funksie, fees, optog of plegtigheid waar die verrigtinge van die begin tot einde en in alle opsigte nie Afrikaans is en die Afrikanergesindheid en uitsig openbaar nie."[105]

Hoewel nagenoeg sestig persent van alle spoorwegdienare onmiddellik vóór die Ossewatrek Afrikaanssprekend was, was daar voorasnog nie 'n spontane aanwending van Afrikaans nie. Afrikaans het nog sterk onder invloed van die Engelse ampstaal gestaan en in hoofsaak maar as vertaaltaal gegeld. Daar was 'n behoefte aan 'n sterk prikkel om die terreine wat Afrikaans reeds verower het, te behou en om met geloof die toekoms aan te durf. 'n Nuwe besieling was lewensbelangrik. En toe rol die ossewawiele oor ons land. Die baie feesredes — in Afrikaans soos A.T.K.V. geëis het — het groot massas Afrikaners by hernuwing op hulle herkoms, geskiedenis, taak en roeping gewys en hulle begeester om in die geloof voort te stry. Duidelik het prof. D. F. Malherbe dit op Middelburg (K.P.) gestel: „Laat jul bekrompenheid, die liefde tot eie, jul trots wees . . ."[106] Bo en behalwe die handhawing van Afrikaans, het die Trek ook 'n prikkel geblyk vir Afrikaanse voordrag, sang en musiek.

Die Afrikaner is by hernuwing teruggeroep tot die wese van sy Afrikanerskap, sy voorregte maar ook sy verantwoordelikhede. Hy, hoe nederig sy taak ookal mag wees, lewer 'n belangrike bydrae tot die hele strewe, en sy eie werk en wandel moet derhalwe 'n bepaalde stempel dra. Die Afrikanerdom as geheel kon hierna die storms van die Tweede Wêreldoorlog trotseer en getrou bly aan sy eie aard en roeping. Beproewinge kon hy aanvaar as uitdagings, as middele om hom steeds te staal vir die wedloop van die lewe.

Die jubelende feesmenigtes op elke sentrum het geleer hoe 'n Afrikanerfees gevier moet word. Ou feesgebruike as middel om eendersvoelende mense te bind, het herleef. Tot vandag toe het van hierdie gebruike behoue gebly: optogte van perdekommando's, fakkellope, historiese voorstellings, die feestoespraak. Maar die Trek het veel dieper as hierdie uiterlikhede gereik. Simbool soos dit was van alles wat die voorgeslag van honderd jaar tevore groot gemaak het, was dit in die eerste en in die laaste plaas hulde aan die God en die godsdiens van

104. Van Rensburg, A. P. J., *Iets moet weer ons wese roer* in *Die Huisgenoot*, 20.12.1968.
105. Notule van ATKV-reëlingskomitee, 8.5.1937.
106. Mostert, *op. cit.*, p. 21.

'n volk. Met sy bouwerk van feestelikheid het die fondament van die Trek 'n diepe en ontsaghebbende godshulde gebly. Daagliks, in die vroeë môre, voor sonop, is die Trek vanaf die voorkis van die Trekkerwa in die hande van God beveel. Saans was die laaste nommer op die feesprogram die uitspreek van die seën van God oor die menigtes. Geen dag was daar wat sonder God begin is nie, geen dag is ooit sonder God geëindig nie, geen fees was daar waarop nie eers die seën van God afgesmeek is nie. In die gewoel en verwarring van die daaglikse trek is hierdie bedevaartsgedagte nooit uit die oog verloor nie.[107]

'n Aangrypende godsdiensoefening het hom 'n paar myl buite die dorpie Parys afgespeel. 'n Menigte het vroeg-oggend die wa op die nasionale pad ontvang. In die koel oggendluggie het 'n eenvoudige maar gevoelvolle danklied na die hemel opgegaan. Weerskante het rye motors tot stilstand gekom — sakemanne, handelsreisigers en andere wat Kaap toe of Rand toe moes jaag. Hulle moes egter wag, want daar voor in die wapad was „'n nasie wat bid."[108] Hierdie besieling het ná die Trek verder deurgevloei: Terug na die Kerk van ons vadere! Dr. J. D. Kestell het die aangrypende gedagte geopper dat alle Afrikaners op Vrydagaand, 9 Desember 1938 gelyktydig huisgodsdiens moes hou om die gelofteaflegging van 'n eeu tevore te gedenk. Hierop het *Die Burger* in 'n treffende inleidingsartikel o.a. soos volg gereageer: „Maar daarna? Laat die Afrikanervolk die woorde van dr. J. D. Kestell in *Die Volksblad* onderskryf, laat dít ons gelofte wees: „Ons sal huisgodsdiens hou op 9 Desember 1938 en — nie alleen op 9 Desember nie, maar ook voortaan, elke dag' ".[109] Nuwe lewe het in die godsdiens gekom. Leë kerkbanke het begin volvloei. Later sou die Raad van Kerke die A.T.K.V. loof vir die Trek „waardeur soveel seën vir volk en kerk afgewerp is."[110]

Wel die blywendste resultaat van die Trek was die bewuswording by die Afrikaner dat hy veral op ekonomiese gebied 'n groter agterstand gehad het. Die A.T.K.V. het sy *Volksfonds* geloods toe die wawiele uit Kaapstad noordwaarts begin rol het. Toe die waens Bloemfontein bereik, het dr. J. D. Kestel met sy wekroep *My Nasie In Nood* op die voorbeeld van die A.T.K.V. alle Afrikaners tot 'n finansiële reddingsdaad ter wille van die verarmde volksgenote opgeroep. So is die Reddingsdaadbond gebore onder die besieling en in die skaduwee van die wawiel. In sy treffende oproep het dr. Kestell o.m. gesê: „Gee ruim in die wakiste . . . Ek roep almal in ons land tot hierdie daad . . . daarmee wy ons ons soos broers en susters an mekaar en saam met mekaar aan die God van ons vadere. So word ons daad 'n Godsdaad."[111]

Dr. Kestell se oproep het diep ingeslaan. Daar is besef dat die Afrikaner die armoede in sy volksgeledere alleen sou kan verwyder indien hy 'n groter aandeel in die rykdomme van ons land verwerf. Oktober

107. Pienaar, *op. cit.*
108. *Die Taalgenoot,* Januarie 1968.
109. *Die Burger,* 7.12.1938.
110. Hartenbos-Argief: Korrespondensie Ossewatrek: Brief, 8.4.1939.
111. Mostert, *op. cit.,* p. 437.

1939 het die groot volkskongres in Bloemfontein plaasgevind. Hier is deur die bank deur leidende persone aangetoon dat die Afrikaner hom alleen deur eie inspanning sou kon red.[112] Dit was 'n keerpunt in Afrikaner-geskiedenis — soos sy snelle ekonomiese opkoms sedertdien bewys het.

Die *Ossewa-Brandwag* (O.B.) was 'n produk van die Voortrekker-eeufees. Die gedagte aan 'n organisasie om die Eeufeesgees op alle terreine van die volkslewe te handhaaf, het sterk posgevat by 'n groep Bloemfonteiners. Vral kol. J. C. C. Laas en dr. Hans van Rensburg, toenmalige Vrystaatse Administrateur en self 'n offisier in die Weermag, was diep oortuig van die waarde van 'n gedissiplineerde Afrikanerdom. Tydens die ossewafeeste is die gebrek aan dissipline by die Afrikaner juis op treffende wyse deur dr. Van Rensburg ondervind: sy poging om 'n kommando van 2 000 man op die been te bring om die waens geleide by Bloemfontein te doen, het 'n skrale 130 man opgelewer. Die skietverenigings het hom bitter teleurgestel, en hy het kol. Laas aangeraai om keurgroepies in elke kommando te organiseer op wie gereken kon word vir geleenthede soos optogte tydens volksfeeste. Kol. Laas se antwoord was dat hy reeds so 'n groepie, bekend as „Brandwagte", op Theunissen gehad het. Dr. Van Rensburg het aanbeveel dat hy die Ossewatrek aan hierdie groepies moes koppel deur na hulle te verwys as Ossewa-Brandwagte . . .[113] Só eenvoudig was die ontstaan van die latere magtige Ossewa-Brandwag wat hom oor heel ons land ontplooi het . . .

Op die A.T.K.V. self het die Trek diepgaande invloed uitgeoefen. Die Trek het hierdie vereniging gehelp om sy vreemdelingstydperk in Suid-Afrika te oorwin. Dit was die vereniging se eerste groot toetrede tot die aktiewe veglinies van die volk. Voor die Trek was die naam A.T.K.V. vir ons volk slegs 'n ingewikkelde letterversameling wat hy nie altyd in volgorde kon onthou nie. Deur die Trek is die volkshart verower. Daarna sou die volk nie meer vra wie die A.T.K.V. was nie, maar *wat sê die A.T.K.V.* Die vereniging het in die volk se hart gekom toe hy op 8 Augustus 1938 op die volkswa geklim het; hy het weer uit die volk se wa geklim, maar nie uit die volk se hart nie.

Op 12 Desember 1938 het die waens tydelik in Johannesburg uitgespan sodat A.T.K.V. sy tiende kongres kon hou. Die volgende dag het *Die Transvaler* in sy hoofartikel o.a. soos volg getuig: „Met gemengde gevoelens van trots en ootmoed kon die A.T.K.V. van die Spoorweë en Hawens by geleentheid van sy kongres gister hulde bring aan die troue, godvrugtige en vryheidliewende Voortrekkergeslag, die stigters van 'n nuwe nasie met 'n eie taal, wat vir hul kinders, die Afrikanervolk, ook 'n eie vaderland beskaaf en nagelaat het. Hulle kon dit doen met *trots* omdat bande van bloed die lede van hierdie Vereniging bind

112. Du Plessis, E. P., *'n Volk Staan Op*, pp. 97-133. Human en Rosseau, Kaapstad, 1964.
113. Van Rensburg, A. P. J., *Iets moet weer ons wese roer* in Die Huisgenoot, 20.12.1968.

aan diegene wat hulle, saam met ons almal, eer as helde van hul nasie. Ook kon hulle dit met *trots* doen omdat die A.T.K.V. deur sy sinnebeeldige ossewatrek 'n eerbetoning aan die hele Afrikanerdom ontlok het wat enig is in die geskiedenis van die mensheid. Die hulde is egter seker ook met ootmoed gebring, omdat juis diegene wat die eie volk opreg *dien,* beste besef dat die Trekker van 'n eeu gelede 'n rigsnoer vir die volkslewe, 'n eindbestemming vir hul nasie, nagelaat het, waaraan dit 'n eer is om met onvermoeide ywer te mag arbei, maar wat ook 'n grootse en moeilike taak oplê."

Tot en met die Ossewatrek was A.T.K.V.-lede mense wat bloot 'n vereniging gedien het. Baie het sy doelstellings begryp, maar 'n aansienlike persentasie het maar net meegedoen sonder enige spesifieke vooropgestelde doel. Die Trek en sy heilsame invloed het op A.T.K.V.-lede 'n uit- en inwerking gehad wat hulle 'n veel dieper besef gegee het van die aard, wese en karakter van hul vereniging; die Trek was vir hulle 'n treffende demonstrasie van die wydgeskakeerde terreine van die volkslewe waarin die vereniging sowel as individuele lede hulself kon uitleef. Die Trek het die sporowegman 'n nuwe waardebepaling van homself gegee. Ná die Trek was sy maatskaplike status anders as voorheen. Die spoorweg-stigma het verdwyn, veral in Kaapland. Sedertdien is die spoorlui nooit weer teruggeskuif in die minder-gunstige posisie waarin hulle vóór die Trek vasgeknel is nie. Die wanbegrip dat 'n spoorwegamptenaar minder as 'n ander landsburger was, is finaal uitgewis. Mnr. M. Meiring, nuusredakteur van *Die Transvaler,* het ná die Trek geskryf: „Ons het met die trekke geleer om die werk van die A.T.K.V. te waardeer en hoewel ons geen vanne wil noem nie uit vrees dat ons iemand sal oorslaan, wil ek graag sê dat ons bewondering vir die persoon en werk van die leiers van u beweging hoog gestyg het."[114]

In hierdie trant het gelukwensing en waardering uit baie oorde en van alle vlakke van die samelewing gekom. Die S.V.K. het die A.T.K.V. bedank „vir hul groot daad aan die Afrikanervolk bewys" en voorts verklaar: „Ons besien dit as 'n daad waarin u onder die leidende hand van die Here meer gedoen het as wat ooit verwag kon word deur enige mens."[115] Ds. Jac. Conradie het geskryf: „Na my mening is 75% van die sukses van die Eeufeesviering toe te skrywe aan die selfopofferende werk van die A.T.K.V. en die verskillende trekleies wat die regte Afrikanergees oor die hele land aangewakker het. Die A.T.K.V. het eer vir hul onderneming, maar bo-al die dank en waardering van elke reggesinde Afrikaner."[116]

Een ding staan soos 'n paal bo water indien 'n mens die gelukwensing ontleed: met die Ossewatrek het die A.T.K.V. bewys gelewer dat hy in 'n baie groot mate die sielsverlange van die Afrikanervolk vertolk. Baie mense het gesê hierdie Trek het net betyds gekom asof dit so deur die Voorsienigheid bedoel en bepaal is. Pas na die begin van die

114. Hartenbos-Argief: Korrespondensie Ossewatrek: Brief, 8.1.1939.
115. *Ibid.:* Brief, 17.3.1939.
116. *Ibid.:* Brief, 23.1.1939.

Trek het *Die Burger* reeds geskryf: „Met die Ossewatrek na die Noorde kry ons geskiedenis 'n nuwe hoofstuk, waarop ons en toekomstige geslagte trots sal wees."[117] Mense is herinner aan die Voortrekkerheld, Andries Pretorius, se woorde: „Eendag sal daar 'n wiel oor Suid-Afrika rol wat niemand ter wêreld sal kan keer nie." Afrikaners het aangekom na die waens, toegestroom uit eie innerlike drang. Nie opgekommandeer nie, nie opgeorganiser nie, maar asof 'n geheimsinnige stem hulle na die waens geroep het. Die ossewa het 'n nuwe grootheid in die verbeelding van die volk geword: hy het geword die teken van die volk en van geslagte se werk op die vlaktes van Suid-Afrika. Meer nog: hy het geword die teken van 'n onwrikbare wil tot nasionale voortbestaan.

Ds. J. van Rooy van Ventersburg het o.a. geskryf: „Dit was vir ons, soos seker vir die hele volk, nie 'n blote sirkus, 'n nuwigheid en 'n aardigheid (nie), maar iets wat ons ten diepste geroer het, die wat moeg was nuwe krag gegee het, vyande se monde gesnoer het, ja selfs die wat nooit gedroom het om 'n vinger te verroer vir die volksaak, wind en weer laat trotseer het om ook maar iets te doen."[118] In hierdie verband is dit insiggewend om kennis te neem van 'n vertelling van mnr. Henning Klopper: tydens die besoek aan Cradock het die waens gedurende die nag buite die dorp vertoef. Ongeveer twee-uur die oggend het iemand by die waens stilgehou, uit sy motor geklim en tot by die waens gekom. Hy het aan die wiel gevoel, toe op die voorkis geklim en saggies geprewel: „Dank God dat ek dit nog kon beleef." Toe mnr. Klopper later hiervan melding maak en die persoon beskryf, moes hy hoor dat dit 'n Afrikaner was wat feitlik verengels het.[119]

In wording van die Afrikanervolk en in sy kultuurstrewe hierdie eeu staan die Ossewatrek vandag nog as een van die grootste kultuurbakens. Dit is so dat die kultuurorganisasie voortdurend aktief doenig moet wees om sy lede en die volk van sy herkoms te dien. Hy moet dit doen langs die weë van daaglikse toewyding aan sy taak, langs al die vore op die volksakker, moeisaam werkend dag en nag, maand na maand, jaar na jaar, sonder ophou of moegword, steeds met besieling en oorgawe. Maar periodiek, in elke dekade, of in langer of korter tydperke, moet die kultuurorganisasie met 'n grootse gesamentlik daad kom wat helder opklink oor die volk se gewete, 'n daad soos 'n sweepklap wat die ganse volk in beweging bring. So 'n daad was die Ossewatrek. Enkele maande ná die Trek skryf A. J. D. Bester: „Die gebeurtenisse van die afgelope ses maande in ons land behoort ongetwyfeld tot die wonderlikste geskiedenis . . . 'n Skynbaar dooie volk het herleef op 'n wyse wat die bewondering van die wêreld afgedwing het. Geen mens ter wêreld, met die beste welsprekendheid, kon die volk se verlede so onder hul aandag bring as die eenvoudige, ouderwetse kakebeenwaentjies nie. Vanuit die klank van hul rollende wiel het daar 'n krag uitgegaan,

117. *Die Burger*, 15.8.1938.
118. Hartenbos-Argief: Korrespondensie Ossewatrek: Brief, 14.1.1939.
119. Onderhoud met mnr. H. Klopper, 12.12.1966.

wat grysaards van aandoening laat ween en wat jongeres aangespoor het tot nuwe stryd."[120]

Vyftien jaar later getuig prof. D. F. Malherbe voor die 1953-kongres van die A.T.K.V.: „Ek weet van een daad van kultuurskeppende aard wat deurgedring het tot die hart van die volk. Geloods deur u Vereniging het die Ossewa voor ons oë opgegaan as 'n simbool van saamtrekkende krag . . . Sy rammel en geskommel het geword die hartklop van 'n volk. Almal het teruggegaan met eerbiedige bewondering, want hulle het verstaan dat hier 'n nuwe gees deur die hart gewaai het."[121] En tydens die 25-jarige herdenking van die Ossewatrek het dr. H. F. Verwoerd aan die A.T.K.V.-kongres gesê: „Ons kan vandag uit die skatkis van ons herinneringe 'n paar juwele uithaal en een vir een bekyk. Dié van ons wat met die Ossewatrek op een of ander manier te doen gehad het, of diegene wat ooit in daardie tyd alles kon meemaak . . . sal dit nooit kan vergeet nie . . . Die A.T.K.V. het 'n spieël omhoog gehou waarin ons volk sy siel kon sien."[122]

So staan die A.T.K.V. met die Ossewatrek teen die agtergrond van die grootste volksopmars in die geskiedenis van die Afrikanerdom. Die volk het hom gevind deur die daad van 'n meesal verstoke deel van die destydse Afrikanerdom: die spoorwegpersoneel wat lede van die A.T.K.V. was en „wie se ondernemingsgees 'n destyds swakbegrypte besluit uitgevoer het in 'n daad wat soos donder slaan."[123] Die A.T.K.V. het 'n pad voor hom sien lê. Hy was oortuig dat dit Gods weg is en vasberade het hy die voet daarop gesit. Terug het hy nie gedeins toe steil hoogtes voor hom oprys nie, of toe die pad in die diepte afdaal nie.[124]

In 1938 was 'n ou eeu verby, en die nuwe is ingelui met die geklank van aanbidding en lofsang waar die seile wapper. Maar hierdie magtige stem wat oor die lengte en breedte van ons vaderland weerklank gevind het, sou geen verbygaande geluid wees nie. Dit sou weergalm. En die A.T.K.V. sou die voortgalmende klank van die heuglike feesvierings steeds laat hoor; daar moes 'n tasbare gedagtenis van al die grootsheid en heerlikheid vir die nageslag bewaar word. So is Dirk Mostert opgedra om 'n *Gedenkboek* van die Trek saam te stel. Daarin moes vervat word die nasionale belydenisse van 'n volk wat homself gevind het . . . nie meer in die huilende wildernis nie, maar in 'n geseënde land waar waterstrome klater en wuiwende graanakkers in dansende tempo saam met die windjie sing: die Lied van Langverlee . . .

Twee jaar ná die Trek het die *Gedenkboek* sy verskyning gemaak. Hierdie boek is 'n verspreide monument van die heilige dinge van die Afrikanervolk. Dis nie slegs 'n teken van roem en prestasie nie, dis 'n teken aan die deurposte dat daar mense woon van die gesindheid

120. *Die Taalgenoot*, Februarie 1939.
121. *ATKV-Kongresboek* 1954, p. 2.
122. *ATKV-Kongresboek* 1964, p .4.
123. *ATKV-Kongresboek* 1938, p. 8.
124. *Die Taalgenoot*, Desember 1938: Kersboodskap van dr. J. D. Kestell.

en strewe van die verbygegane geslag. Dis die besielende naklank van 'n eeu wat verby is.

Die *Gedenkboek* is 'n pragtig-geïllustreerde en uitnemende tipografies versorgde werk van meer as 800 bladsye. Die boek word ingelui deur boodskappe van Vader Kestell, mev. (pres.) Steyn, Totius, mnr. Klopper en oom Tienie van Schoor. Verder bestaan die inleidende gedeelte uit algemene portrette, toesprake (o.a. van proff. D. F. Malherbe, C. M. van den Heever en J. C. van Rooy en dr. E. G. Jansen), 'n beknopte voorgeskiedenis van die Trek, artikels van Trekleiers en swart en wit simboliese tekeninge. Hierdie inleidende gedeelte gee 'n mens die Groot Gedagte van die Gedenktrek en dit is ongetwyfeld dié deel wat die kragtigste en helderste leiding gee. Die geskiedenis van al die waens is ook hierin opgeteken.

Hierna volg die Trekke in volgorde van dorpe en plekke waar die waens aangedoen het. Talryke foto's verskyn hierby, o.m. van die meeste reëlingskomitees, kransleggings, monumente, fases uit die Trek, historiese geboue in verskeie dorpe , en pragtige kunsfoto's wat deur die Nasionale Pers se fotograaf geneem is. Die geskiedenis van baie dorpe word gegee — egte geskiedenis wat deur die plaaslike inwoners opgestel is en waarvan 'n mens nie in gewone geskiedenisboeke lees nie. Hieruit blyk die ontsaglike omvang van die Trek — nie net 'n gedeelte van die volk het fees gevier nie, maar 'n ganse nasie, meer as vier maande lank. Die feesviering in Suidwes-Afrika en Londen word ook beskryf. Aan die einde van die boek verskyn 'n pragtige kleurafdruk van die Voortrekkermonument en 'n versierde geslagsregister waarin trotse besitters van die boek hul geslagte kan verewig. Die werk eindig met 'n treffende betoog, *Die Trek Duur Voort,* deur Dirk Mostert, en die allerlaaste passende woord, is *Die Stem van Suid-Afrika.* In pragtige bruin kunsleer, bedruk met goue letters en die wapen van die A.T.K.V. op die buiteblad, skep dit al dadelik die indruk dat dit geen gewone boek is nie. En dit is dan ook nie 'n boek om te lees en dan weg te sit nie.

Prof. E. C. Pienaar het die *Gedenkboek* genoem „in woordbeelding en portretbeelding . . . die wonderbaarlikste nasionale volksbelewing wat ooit in die geskiedenis van ons volkswording op die Pad van Suid-Afrika plaasgevind het. Hier het ons die klare bewys van die geestelike heropstanding uit die dood van 'n herbore Afrikanerdom. Hier word deur 'n hele volk op 'n maandelange bedevaart na die volksheiligdomme van die Voortrek in ondubbelsinnige taal gesamentlik belydenis afgelê van sy geloof in homself, in sy eie toekoms, in die God van sy voorvaders. Hier reik verlede en toekoms mekaar die hand. Want na sy omswerwing van honderd jaar in die woestyn van verknegting van buite en onderlinge verdeeldheid van binne, sien ons 'n nuwe Eeufeesvolk staan op die drumpel van die Tweede Voortrekkereeu, wagtende in die daglumier van sy hervonde eenheid om die beloofde land van die toekoms binne te gaan."[125]

125. Hartenbos-Argief: Korrespondensie Ossewatrek: Brief, 9.4.1940.

In sy resensie het *Die Burger* o.a. geskryf: „Dis 'n boekwerk wat 'n ereplek verdien in elke Afrikanerhuis, wat verdien om naas die Bybel op die eetkamertafel te lê, nie op 'n rak weggebêre nie, maar vol vingermerke van kindertjies . . . Die Gedenkboek staan as drukwerk kop en skouers bokant enigiets wat tot dusver in Suid-Afrika in Afrikaans die lig gesien het . . . (E)k wil elke Afrikaner aanraai om dit op een of ander manier onder die oë te kry: dit sal genoeg wees. Al moet hy nou sy kispak verkoop, hy sal dit aanskaf as hy die naam Afrikaner werd is."[126] *Die Volksblad* het getuig: „Ek wil dit in alle eerbied die Nuwe Testament van die Afrikaners noem. Ek wil verklaar, weer met die grootste eerbied, dat dit die plek by die Huisaltaar verdien naas die Familiebybel. Want as die Bybel die Afrikanervolk gemaak het, dan openbaar die Gedenkboek die maaksel in sy diepste wese omdat dit wortel in die Ossewatrek toe die Afrikanersiel met al sy duisende fasette voor die wêreld geglans het soos dit maar eenmaal in honderd jaar moontlik is."[127]

IX *Lotgeval van die waens en Trekleiers*[128]

Dis interessant om na te gaan wat van daardie beroemd geworde nege waentjies geword het. Die beste wa, die *Johanna van der Merwe*, is met die onthulling van die Voortrekkermonument in 1949 aan die Voortrekkermonumentkomitee oorhandig en staan sedertdien by die Monument. Dis vanjaar reeds 115 jaar oud.

Die oudste wa (tans 184 jaar) is die *Louis Trichardt*. Hy staan by die Universiteit van Pretoria. Die *Vrou-en-Moeder* staan by die Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje in Bloemfontein. Hierdie skool is juis deur die bemoeiinge van veral pres. M. T. Steyn opgerig om aan Afrikanerdogters die soort opvoeding te gee wat hulle tot deugsame vroue en moeders sou vorm. Die *Magrieta Prinsloo* is aan die Hoërskool Cillie in Port Elizabeth geskenk. Die *Piet Retief*-wa is oorhandig aan die Voortrekkerbeweging in Natal en staan in sy eie waenhuis op Pietermaritzburg, die stad wat gedeeltelik ook na Piet Retief vernoem is. Op die plaas Doornkloof in die distrik Kroonstad, die laaste woonplaas van die vrome Sarel Cilliers, staan die wa wat na hierdie geestelike leier van die Voortrekkers genoem is. Totius se geliefkoosde wa — die *Hendrik Potgieter* — staan heel gepas by die Potchefstroomse Universiteit. Potgieter was die stigter van die dorpie Potchefstroom. Die *Dirkie Uys* (ouer as 100 jaar) was kleiner as die ander waens en het die jeug gesimboliseer. Hy het van Bredasdorp na Kaapstad getrek. Daarna is hy in die Kasteel bewaar tot 1967 toe hy in bruikleen aan die Krygsmuseum geskenk is.

Die oorblywende twee waens staan albei op Hartenbos. Hulle is die eiendom van die A.T.K.V. Die bedoeling is om die *Magdalena de*

126. *Die Burger*, 30.3.1940.
127. *Die Volksblad*, 4.5.1940.
128. ATKV-Argief: Lêer A19/3: Voortrekkerwaens. Vgl. verder *Die Taalgenoot*, Mei 1941, Augustus 1943, Junie 1946, *ATKV-Kongresboek 1945*, p. 40; Uitvoerende Raadsnotule van ATKV, 27.1.1956.

*Wet* aan die Universiteit van Stellenbosch te oorhandig sodra die Langenhovensaal aldaar voltooi is. Die *Andries Pretorius* staan ook in die museum op Hartenbos waar dit jaarliks deur duisende vakansiegangers besigtig word.

'n Atmosfeer van vergane glorie sweef vandag nog om al hierdie waentjies. Om hulle kreunende wiele het 'n volk eenmaal fees gevier, rondom hulle is op talle dorpe in ons land beloftes van nasietrots en nasietrou afgelê. Die Afrikanervolk het sy siel rondom hierdie waentjies gevind.

En wat het geword van daardie Trekkerleiers, daardie uitgelese groepie spoorwegmanne „wie se ondernemingsgees 'n destyds swakbegrypte besluit uitgevoer het in 'n daad wat soos donder slaan"? Die hoofleier, mnr. Henning Klopper, het gevorder tot parlementslid en huidige Speaker van die Volksraad. Dis 'n ervaring om die Trek van 1938 saam met hom „oor te leef", toe die Afrikanervolk fees gevier het „soos dit maar net een keer in 'n volk se bestaan moontlik is."

Die destydse onder-leier, die alombekende oom Tienie van Schoor, is in 1967 op rype ouderdom as 'n lieflingseun van sy volk oorlede. Uitvinder van die veiligheidstablet van die spoorweë was hy, 'n doodgewone spoorweg-elektrotegnikus wat die lewenstaak met min geleerdheid aangepak het, maar aan wie die Universiteit van Stellenbosch later 'n eredoktorsgraad in die ingenieurswese toegeken het. Lange jare was hy hoofkommissaris van die Noodhulpliga. Met sy afsterwe het *Die Transvaler* o.a. geskryf: „Met die heengaan van dr. M. C. van Schoor het die Afrikaanse volk 'n groot seun en 'n kleurryke figuur verloor . . . In hom was daar 'n aantal merkwaardige geesteseienskappe verenig wat hom gewis in enige volk 'n groot plek sou laat inneem het."[129] Tannie van Schoor, die ewe bekende Trekmoeder, woon nog in Bloemfontein. Die jare het haar grys geslaan, maar die geesdrif vul nog haar oë as 'n mens die Ossewajaar ophaal. Sy en oom Tienie het langer as enige Trekpaar op die wakis gesit — gepas ook dat heel die volk hulle die erename „Oom Tienie" en „Tannie" gegee het.

Mnr. Attie Louw is spoorwegpensionaris en woon in Pretoria. Hy kan op die unieke driedubbele onderskeiding van Ossewatrekleier (1938), Rapportryer (1949) en Poskoets-Ritmeester (1952) aanspraak maak. Mnre. Frans van Niekerk en Andries Kachelhoffer won ook in Pretoria. Mnr. Chris Neethling geniet 'n rustige oudag in Aucklandpark, Johannesburg. Jaap Boshoff boer in Kaapland. Johan Langenhoven, wat heel pad van Kaapstad af oom Tienie se drywer was, woon naby Kroonstad. Willie Serfontein is assuransieman in Johannesburg. Mnr. Louis Nell, wat so bekend geraak het met die „Arm mans Trek" deur die Noordweste, en die diep-gelowige Roelf Olivier is reeds tot hoër diens opgeroep. Van die Trekvriende buite die A.T.K.V. leef sommige nog, soos dr. en mev. S. H. Pellisier. Andere soos dr. E. G. Jansen, ds. A. D. Lückhoff, drr. B. A. de Wet, D. G. Conradie en E. C. Pienaar, prof. D. F. Malherbe en senator Chris van Niekerk is reeds oorlede.

---

129. *Die Transvaler,* 31.5.1967.

So het die A.T.K.V. met eer oorlaai uit die Thek te voorskyn getree. Sy ledetal het tydens die Trek met meer as 5 000 aangeswel, want baie spoorlui wat eers afsydig gestaan het, wou hierna lid van dié wakker vereniging wees.[130] As feesorganiseerder is die A.T.K.V. se hulp later weer ingeroep — in 1949 met die Rapportryersfees ten tye van die inwyding van die Voortrekkermonument; 1952 met die Poskoetsreëlings vir die Van Riebeeckfees; 1954 met die Vrystaatse Eeufees, asook met fondsinsameling vir die meeste van ons nasionale monumente.

## X *Epiloog*

Daar is geen ander volksbetoging wat so blywend in die volksgeheue bly naleef het as die Simboliese Ossewatrek wat op 8 Augustus 1938 by die standbeeld van ons volksplanter begin en op 16 Desember van dieselfde jaar langs die hoeksteen van die Voortrekkermonument geëindig het nie. Niemand kon vooraf self eers gis dat hierdie onderneming soveel geesdrif en volksgevoel sou opwek en so 'n landswye afmeting sou aanneem nie; ja, selfs nie eens die leier van die vereniging wat die Trek gereël het nie.

Die Simboliese Ossewatrek het gaandeweg 'n simboliese geestelike volksaantog geword en daarin lê ook sy blywende waarde. Dit het almal wat met die onsigbare bande van volksverwantskap, Christelike belydenisse en kulturele herkoms verbind is, na mekaar gedryf en hulle as 'n massale eenheid laat aantree om die hoogste waardes van ons volkseie te verwesenlik en om ons tot volkome uitlewing op al die terreine van nasieskap te sterk. Die Ossewatrek het ons bewus gemaak van al ons eie goed binne die kader van ons volksbestaan. Die eeufeesgety het die Afrikaner geleer dat hy mede-broers en -susters in sy bestaan as volk het. Ons volksorganisasies en ekonomiese ondernemings het aan inhoud gewen en ons volkslewe is bevrug om nuwe instellings in die lewe te roep. Ons is finaal vervul met 'n besef van en geloof in ons eie onderskeidende volksaard en bestemming. Die Ossewatrek het die wete geplant dat ons in hierdie verligte eeu deelnemers is aan 'n geestelike Groot Trek, 'n groot volksbeweging waarin al die eiendomlikheid van 'n jong energieke nasie beliggaam is en waarin die bestendiging van ons volkseie die vooropgestelde doel is. „Wat Suid-Afrika in die afgelope maande sedert die aanvang van die Ossewatrek op 8 Augustus in stygende mate beleef het, is oorsaak dat van hierdie Eeufeesjaar as 'n wonderjaar gepraat is. Wanneer gelet word op die weergalose opwelling van Afrikaner-geesdrif en Afrikanervolksgevoel wat met die Ossewatrek gepaard gegaan het, dan is daardie benaming nie oordrewe nie. So iets het ons land nog nooit belewe nie," het *Die Burger* op 16 Desember 1938 geskryf.

As ons vandag terugdink aan hoe alles as 't ware opnuut begin het in 1938, met 'n onderneming wat bedoel was om 'n betreklik beskeie bydrae te wees ter herdenking van die Groot Trek, besef ons watter krag in ons geskiedenis opgesluit lê as ons die beste daaruit wil haal

130. *ATKV-Kongresboek* 1938, p. 9.

om 'n toekoms te bou. Die Ossewatrek het Moses se vermaning aan die volk van Israel in gedagte geroep: „Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare van geslag tot geslag; vra jou vader dat hy jou dit bekend maak; die ou mense dat hulle dit vir jou sê." In die wonderjaar 1938 — tereg genoem jaar van ons nasionale wedergeboorte — het die Afrikanervolk geluister na die stem van die verlede. Die boodskap het tot 'n volk uitgegaan om opnuut in te span en sy erfenis al strydend binne te trek. Tereg het *Die Burger* op 16 Desember 1938 geskryf: „Na hierdie wonderjaar . . . is daar geen terugkeer nie. Die Afrikanervolk het ontwaak. Daar vang 'n 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika aan. die Afrikanervolk het koers gevat . . . (D)aardie minderwaardigheidsgevoel wat die vreemde beter ag as die eie en wat die goedkeuring uit vreemdê mond as die hoogste lof aanvaar — daardie dinge neem uit ons volkslewe die wyk, om plek te maak vir 'n nuwe vasberadenheid en vertroue. Die Afrikaner wil homself wees . . . Die Afrikanervolk het hom bewus geword van die groot en heerlike erfenis hom deur die vadere gelaat . . . Die Afrikanervolk het hom bewus geword van sy krag. In die bewustheid van daardie krag wil hy die verantwoordelikhede dra wat dit oplê, wil hy aan alle andere reg laat geskied, maar weier hy om in enige opsig 'n vreemdeling in sy eie huis te wees . . . Verby is vir hom die tyd van verwatering en verkwanseling van beginsels . . . Duidelik en oop lê voor hom die pad . . ."

Alle goeie dinge wat sedertdien met die Afrikaner gebeur het, kan gesien word as die vrug van gehoorsaming aan die roepstem van die boodskap van die A.T.K.V. se ossewaens in 1938 . . .

Dr. A. P. J. van Rensburg.